

**DIE SUID-AFRIKAANSE
NASIONALE KURRIKULUMRAAMWERK
VIR KINDERS VAN GEBORTE TOT VIER**

**OMVATTENDE DOCUMENT
(Afrikaans)**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

unicef
unite for children

The South African National Curriculum Framework for children from Birth to Four
February 2015

© Department of Basic Education

All care has been taken to ensure that the information is correct and original sources have been indicated for reference and verification. With an identification of the Department of Basic Education as source, the document may be freely quoted, reviewed, abstracted, reproduced and translated, in part or in whole, but not for sale nor for use in conjunction with commercial purposes. Original sources should be acknowledged where indicated in the publication.

ISBN: 978-1-4315-3215-5

Suggested citation:

Department of Basic Education. 2015. *The South African National Curriculum Framework for children from Birth to Four*. Pretoria: Department of Basic Education

Obtainable free of charge from:

Department of Basic Education
222 Struben Street
Private Bag X895, Pretoria, 0001
Telephone: 0123573000
Fax: 0123230601
Website: www.education.gov.za
Email: ecd@dbe.gov.za

Cover illustration: © UNICEF/itldesign

Layout: CTP Pretoria | Tel: 010 597 7861

INHOUD

Terminologie	ii
Erkennings.....	ii
Voorwoord- deur die Minister van Basiese Onderwys, mev. AM Motshekga, MP	iii
Inleiding.....	1
Die visie vir kinders in die Vroeë lewensjare.....	2
Sleutelidees wat NKR gevorm het	5
Beginsels wat die drie onderliggende temas van die NKR vorm	7
Die vroeë Leer en Ontwikkelingsareas	8
Vroeë Leer en Ontwikkelings Area Een: Welstand.....	17
Vroeë Leer en Ontwikkelings Area Twee: Identiteit en Samehorigheid.....	33
Vroeë Leer en Ontwikkelings Area Drie: Kommunikasie	42
Vroeë Leer en Ontwikkelings Area Vier: Verken Wiskunde	52
Vroeë Leer en Ontwikkelings Area Vyf: Kreatiwiteit	59
Vroeë Leer en Ontwikkelings Area Ses: Kennis en begrip van die wêreld	67
Assessering van elke kind se ontwikkelings behoeftes en leer belangstellings.....	74
Verwysings.....	83



TERMINOLOGIE



Terme wat in die Nasionale Kurrikulumraamwerk (NKR) vir kinders vanaf geboorte tot ouderdom vier gebruik word.

Kind / kinders	verwys na alle babas, peuters en jong kinders, ongeag hulle vermoëns, geslag, agtergrond, taal of kultuur.
Ouers	verwys na die kind se hoofversorgers.
Gesinne	verwys na die mense met wie die kind woon.
Vroeë Leer- en Ontwikkelingsarea (VLOA)	verwys na ses organiseerders wat op kinders van toepassing is: Welstand, Identiteit en Samehorigheid; Kommunikasie, Verken Wiskunde; Kreatiwiteit; Kennis en Begrip van die wêreld.

ERKENNINGS



Ons wil ook graag ons dankbaarheid uitspreek teenoor
Charmaine Klaasen en Stanton Van Schalkwyk vir hulle hulle
deelname aan en betrokkenheid by die vertaling die Nasionale
Kurrikulumraamwerk (NKR) vir kinders van geboorte tot
ouderdom vier tot Afrikaans



VOORWOORD

DEUR DIE MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS, MEV. AM MOTSHEKGA, MP



"Vertragings in kognitiewe en algehele ontwikkeling voor skoolopleiding kan dikwels langdurige en dure gevolge vir kinders, gesinne en die samelewing veroorsaak. Die doeltreffendste en kostedoeltreffendste tyd om in te gryp, is voor geboorte en die vroeë lewensjare. Belegging in vroeë kinderjare-ontwikkeling moet 'n sleutelprioriteit wees." **Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie vir 2030 (2011):** Navorsing toon dat die eerste 1000 dae (voor geboorte, vroeë en laat kleinkinderjare) van lewe, hoogs gevoelig is vir omgewings invloede.

Die Nasionale Kurrikulumraamwerk (NKR) vir kinders van geboorte tot vier jaar is 'n reaksie op uitdagings waarvoor die Vroeë Kinderjare-Ontwikkeling Sektor te staan kom. Die eerste stap na die ontwikkeling van die NKV was die ontwikkeling van die **Nasionale Standaarde vir Vroeë Leer Ontwikkeling (NSVLO)** in 2009. Die finalisering van die NKR is gevorm deur raadplegende prosesse wat kommentaar van die publiek ingesluit het. Hierdie prosesse is gebruik om die NKR te vorm en te finaliseer.

Die NKR kom op 'n tyd waartydens ons 20 jaar van demokrasie in ons land vier en dit is een van die aktiwiteite wat gemik is op die verbetering van die gehalte van basiese onderwys deur 'n vaste grondslag in die vroeë jare te lê. Die ontwikkeling van die NKR is 'n reuse prestasie vir ons land aangesien dit die eerste dokument in sy soort is. Dit sal verseker dat kinders uit verskillende agtergronde in verskillende omgewings toegang het tot gehalte Vroeë Kinder Ontwikkelings(VKO) -dienste.

Die NKR sal in 'n verskeidenheid van instellings en doelwitte gebruik word om kinders se leer ervarings te verbeter. Dit sal ook deur opleidingsorganisasies, universiteite, praktisyne, ouers en ander versorgers gebruik word om sodoende kinders se leer en ontwikkeling te versterk.

Mev. AM Motshekga, MP

Minister van Basiese Onderwys

INLEIDING



Die Nasionale Kurrikulumraamwerk (NKR) bied leiding vir diegene wat programme ontwikkel vir, en werk met babas, peuters en jong kinders van geboorte tot ouderdom vier.

Die dokument is gemik op volwassenes wat met kinders van geboorte tot ouderdom vier werk en sluit in:

- Owers en versorgers
- Vroeë kinderjare praktisyns (in sentrums, gesin-, gemeenskap ondersteuningsdienste en kinderoppassers)
- Praktisy/opvoeder en ondersteuningspersoneel
- Moniteringspersoneel (regering en burgerlike samelewings) wat die VKO-programme besoek.

Dit kan ook help om ouer kinders (*buddies*) te ondersteun wat kind-tot-kind VKO-ingrypings in Suid-Afrika aanbied.

Volwassenes moet saamwerk om die NKR betekenisvol te maak en toe te pas deur aandag te gee aan hoë gehalte ervarings vir babas, peuters en jong kinders in 'n verskeidenheid van programme en instellings soos VKO sentrums, tehuise, buurte en inrigtings waar kinders in die vroeë lewensjare versorg word.

In Suid-Afrika, soos elders in die wêreld, is daar 'n toenemende ywer om die ontwikkeling en leer van kinders in die vroeë lewensjare te waardeer en te ondersteun. Navorsing toon dat die eerste 1000 dae (voor geboorte, vroeë en laat kleinkinderjare) van lewe hoogs gevoelig is vir omgewings invloede. Bewyse uit navorsing in Suid-Afrika toon dat die vroeë lewensjare die fondament vir gesondheid, menslike vermoëns sowel as persoonlike en sosiale welstand vorm.

'n Sleutel kenmerk wat VKO-programme in Suid-Afrika van ander lande laat verskil, is die dringende behoefté om sosiale transformasie deur geïntegreerde sorg en opvoeding vir ons jongste kinders te bewerkstellig. Dit moet gebeur as gevolg van:

- die geskiedenis van apartheid;
- ongelykhede en toestande wat jong kinders in gevaar stel;
- verbeter die gehalte van lewering van dienste vir kinders van geboorte tot ouderdom vier;
- die behoefté om die arbeidsmag te professionaliseer; en
- die behoefté om 'n nuwe visie vir burgers in demokratiese Suid-Afrika te bevorder.

Die NKR bevorder 'n holistiese visie van VKO wat aandag gee aan:

- Die eerste 1000 dae wat die geleentheidsvensters is vir ingryping voor geboorte en die eerste twee lewensjare ná geboorte; en
- Die derde en vierde lewensjare en die tyd voor die kind laerskool toe gaan. Die NKR fokus dus op die kind vanaf voor geboorte tot en met die tyd wat hulle Graad R toe gaan.

Die NKR maak gebruik van die waardes in ons grondwet, die beginsels uiteengesit in bestaande wetgewing, beleid en planne, hersiening van Suid-Afrikaanse kurrikula vir geboorte tot ouderdom vier (Vrystaat, Gauteng, Limpopo), die bevindings uit internasionale literatuur oor VKO, globale noodsaaklikhede vir VKO en stemme uit die VKO -studieveld (deur middel van die belanghebbende konsultasies wat in Suid-Afrika uitgevoer is). Die Nasionale Standaarde vir Vroeë Leer Ontwikkeling (NSVLO) vorm die grondslag vir die NKR.

DIE VISIE VIR KINDERS IN DIE VROEË LEWENSJARE

Die NKR word deur die volgende visie gedryf:

Om op 'n respekvolle wyse met en vir alle kinders in die vroeë lewensjare te werk sodat hulle gehalte-ervarings en gelyke geleenthede ontvang om hulle volle potensiaal te bereik.

'n Kurrikulumraamwerk

'n Kurrikulumraamwerk is 'n organiseringsmaatstaf wat insluit:

- die kennis en begrip van die wêreld,
- die nodige praktiese vaardighede en
- die gesindhede en gedrag wat nodig is om burgers te ontwikkel

Al die kennis, vaardighede en gedrag wat ons as menslike wesens en burgers benodig, word as "bevoegdheid" beskryf. Bevoegde wesens en burgers het genoeg nuttige kennis, vaardighede en positiewe houdings om gesonde, produktiewe en gelukkige lewens te lei.

Hierdie NKR beskryf die bevoegdhede wat babas, peuters en jong kinders verwag en veronderstel is om te ontwikkel.

Die NKR beskryf die doelstellings

- vir kinders se ontwikkeling en leer wat as riglyne gebruik moet word om hul se holistiese ontwikkeling te ondersteun asook vordering en potensiaal te assesseer.
- vir volwassenes wat kinderleer faciliteer deur hoë gehalte-ervarings te beplan en deur hulle prestasie te reflekter en te evalueer.

Die inhoud van NKR met betrekking tot kinders se ontwikkeling en leer MOET NIE OP 'N VOORSKRIFTELIKE WYSE TOEGEPAS WORD NIE. Dit is 'n aanpasbare middel om geleenthede vir gehalte-ervarings vir babas, peuters en jong kinders te skep.

Die NKR bied leiding oor hoe om 'n kurrikulum te ontwikkel wat vir babas en jong kinders geskik is.

'n Kurrikulum vir vroeë kinderjare handel oor al die *ervarings* van kinders van geboorte tot ouderdom vier in verskillende omstandighede. Wat kinders in hulle vroeë kinderjare-omgewing voel, doen, hoor en sien vorm 'n belangrike deel van die kurrikulum.

Die kurrikulum sluit ervarings in:

- wat vir jong kinders *beplan* word, waar hulle ook al versorg en onderrig word (volwasse- geïnisieer)
- wat nie *doelbewus* deur volwassenes *beplan* is nie (toevallige leer/ontvanklike oomblikke)
- *wat die kinders selfskep* om van hulle wêreld sin te maak (kind-geïnisieerd).

Die doel van die kurrikulum is om elke kind te help om kennis, vaardighede, gesindhede en gedrag vir lewe, leer, skoolopvoeding en werk te ontwikkel.

Die definisie verseker dat VKO-programme in Suid-Afrika op 'n holistiese benadering tot kinderontwikkeling en -leer gegronde word. Hierdie benadering help volwassenes om doeltreffende praktyk te ontwikkel deur:


- die beplanning en aanbieding van aktiwiteite in verskillende omgewings aan elke kind se behoeftes en belangte voldoen, en
- integreer dit wat die beste werk vir babas, peuters en jong kinders in gesins-, plaaslike, nasionale en internasionale verband.

Die verband tussen die NKR en ander kurrikulum-inisiatiewe/raamwerke.

Die NKR is een van 'n aantal kurrikulum-inisiatiewe. Alle kurrikulumraamwerke in alle onderwys sektore is op die Suid-Afrikaanse Grondwet gebaseer.

Die VKO-sektor sluit kinders vanaf geboorte tot ouderdom nege in: voorskoolse opvoeding (geboorte tot ouderdom 4) en die skoolopvoedingsfase (5 tot 9 jaar). Die Nasional Standaarde vir Vroeë Leerontwikkeling(NSVLO), die NKR en die Kurrikulum Assesseringsbeleidsverklaring(KABV)-dokument is as volg gemeenskaplik verbind





Figuur 1 Skakel tussen NKR en ander Suid Afrikaanse Kurrikulumraamwerke

Die Doel van die NKR

Die NKR beoog om:

- jong kinders te bevestig as bevoegde mense wat aktief by hulle leer betrokke is
- aktief die diversiteit van ons jong kinders, hulle vermoëns, hulle taal en hulle ervenis te eer
- jong kinders se ervarings van sosiale en kulturele sensitiewe omgewings waar aandag aan inklusiewe, billike en demokratiese praktyke gegee word te bevorder
- die belangrikheid van die plaaslike konteks en inheemse hulpbronne vir vroeë leer te erken; en dus 'n ondersteunende struktuur bied vir volwassenes wat hulle sal aanmoedig en in staat stel om 'n kurrikulum te skep, bou en te ontwikkel wat vir die behoeftes en belang van kinders, gesinne, buurte en gemeenskappe geskik is
- die begrip van die noodsaaklike leer areas te verdiep en dit te verbind met die bou van 'n program wat van toepassing is op wyses waarop jong kinders ontwikkel en leer
- kurrikulum te waardeer as 'n proses waar kritiese nadenke onderrig, leer en die skepping van doeltreffende praktyk vir diverse kontekste inspireer
- 'n hulpbron gebaseerde benadering te ontwikkel wanneer volwassenes wat vir jong kinders sorg en opvoed, ondersteun word.
- te help met nadenke oor die relevansie en doeltreffendheid van die VKO-program
- die verdeling van sorg en opvoeding bymekaar te bring met inagneming van die leer- en ontwikkelingsvereistes in
 - die NSVLO (opvoedingsfokus)
 - die Kinderwet en die Vroeë kinderjare-Diensstandaarde (sorg- en sosiale-ontwikkelingsfokus)
- ontwikkel 'n gedeelde visie en professionele taal vir die VKO-gebied deur gemeenskaplike waardes, beginsels en doelstellings om geïntegreerde sorg en opvoeding in verskillende omgewings te lei

Die NKR en die Nasionale Kwalifikasieraamwerk

Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk is 'n raamwerk waarop standaarde en kwalifikasies, waartoe opvoeding- en opleidingsbelanghebbendes ingestem het, regstreer word.

Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk is 'n manier om opvoeding en opleiding in Suid-Afrika te transformeer. Dit is ontwerp om

- dit vir mense makliker te maak om die opvoeding- en opleidingstelsel binne te tree en daarbinne te beweeg en te bevorder;
- leer- en werksgleenthede beskikbaar te stel aan diegene wat in die verlede onregverdig behandeling is as gevolg van hulle ras of geslagsidentiteit; en
- mense in staat te stel om hulle volle potensiaal te ontwikkel en só die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die land as 'n geheel ondersteun.

Die NKR vorm die begin van hierdie proses van levenslange leer binne die beginsels en waarde van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

Die NKR en die kritieke uitkomste

Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk sit die kritieke uitkomste uiteen wat vir alle opvoedkundige programme in Suid-Afrika ontwerp is. Die NKR weerspieël hierdie uitkomste. Dit is dat jong kinders moet leer om:

- met gebruik van kritiese en skeppende denke probleme te identifiseer en op te los, en besluite te neem;
- doeltreffend as individue en saam met ander as lede van 'n span te werk;
- hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend te organiseer en bestuur;
- inligting in te samel, te analyseer, organiseer en kritis te evalueer;
- op verskeie wyses doeltreffend te kommunikeer met gebruik van visuele, simboliese en/of taalvaardighede;
- wetenskap en tegnologie doeltreffend en kritis te gebruik terwyl verantwoordelikheid teenoor die omgewing en ander se gesondheid getoon word; en
- demonstreer 'n begrip van die wêreld as 'n stel verwante stelsels deur te herken dat probleemoplossing kontekste nie in isolasie bestaan nie.

Elkeen van hierdie kritieke uitkomste is geïntegreer in elkeen van die ses Vroeë Leer-en-Ontwikkelingsareas.

SLEUTEL IDEES WAT DIE NKR GEVORM HET

Suid Afrikaanse wetgewing en beleid

Bevorder die oortuiging dat die kind 'n belangrike rolspeler in sy/haar eie opvoeding en ontwikkeling is.

Suid Afrikaanse Konteks

Het prioriteite bronne en geleenthede vir die jong kind se holistiese ontwikkeling.

Gelykheid, Diversiteit en Inheemse en plaaslike bronne vanuit Afrika

Transformering van die Suid Afrikaanse gemeenskap deur VKO, beteken om aandag te skenk aan gelykheid, diversiteit en die inheemse Afrika ervarings wat baie nou aan die lewens van die kinders van Suid Afrika verwant is.

Lewenslange leer

Sterk fundament te lê in VKO vir lewenslange leer.

Reflekterende Praktisyne

Ingewikkeldheid in kinders se ontwikkeling vereis dat praktisyne reflekteer in hul praktyk met en vir kinders.

Familie ingeslotenheid

Familie in hul verskeie vorme, is die primêre onderwysers van hul kinders en moet ingesluit word in die VKO programme.

Oorgange


Alle vlakke van oorgang (aktiwiteite tot aktiwiteite, huis tot program, een program na die ander, VKO sentrum tot skool) moet in ag geneem word in die kind se leer en ontwikkeling.

Figuur 2 Sleutelidees wat die NKR vorm

Die NKR moet toepaslik wees in 'n kontekstuele, ontwikkelings en opvoedkundige wyse.

Daar is dus drie temas wat voortspruit van aandag tot toepaslikheid. Hulle is:

1. Jong kinders as mense
2. Jong kinders se leer en ontwikkeling
3. Jong kinders se verbintenis met volwassenes



Figuur 3 Drie temas onderliggend aan die NKR

BEGINSELS WAT DIE DRIE ONDERLIGGENDE TEMAS VAN DIE NKR VORM

Die 3 temas wat beskryf is, is onderskraag deur 12 beginsels om met alle kinders en alle volwassenes te werk, insluitend alle gesinne, alle praktisyne, alle program bestuurders en alle ondersteunings- en moniterings personeel. Die beginsels fokus op kinders se behoeftes en belangte, en werk met kinders. Dit word in 'n kind se stem vasgevat.

Tema 1: Ek is 'n bevoegde persoon

Tema 2: My leer en ontwikkeling is belangrik

Tema 3: Ek het sterk verbintenis met volwassenes

Daar is twaalf beginsels in die temas vasgelê.

Tema 1: Ek is 'n bevoegde persoon

Beginsels

1. Ek is 'n bevoegde persoon wat aktief my eie identiteit en my eie begrip van die wêreld skep.
2. Ek is uniek en het 'n unieke lewensverhaal.
3. Ek floreer wanneer daar aandag gegee word aan gelyke geleenthede waaraan ek kan deelneem om my eie potensiaal te ontwikkel.
4. Ek is sensitief vir individuele en groepsverskille en moet opgevoed word op maniere wat my help om verskille te vier.

Tema 2: My leer en ontwikkeling is belangrik

Beginsels

5. Ek is nuuskierig, energiek en aktief en leer deur geleenthede aan te gryp om die wêreld om my te probeer verstaan.
6. Toepaslike plaaslike, inheemse kennis en vaardighede is hulpmiddels wat gebruik kan word om sosiale, kulturele en taalkundig-sensitiewe leeromgewings vir my te bevorder.
7. Speel en praktiese (aktiewe) ervarings bevorder my leer en ontwikkeling.
8. 'n Omvattende VKO-leerprogram vir gehalte en gelykheid van geleenthede gee aandag aan:
 - my ontwikkelings areas (sosiaal, emosioneel, kognitief, fisies - met 'n fokus op gesondheid en voeding),
 - die inhoudsareas (tale en wiskunde) en
 - my sterk verband met my gesin en later, my verbindings met skool opvoeding.

Tema 3: Ek nodig sterk verbindings met volwassenes

Beginsels

9. Ouers en gesinne in hulle verskillende vorms speel 'n sentrale rol in my algehele ontwikkeling.
10. Ek baat by 'n noue en liefdevolle verhouding met 'n volwassene.
11. Volwassenes is verantwoordelik vir die beskerming en bevordering van my regte, ongeag my ouderdom, agtergrond, etnisiteit en geslagsidentiteit.
12. Ons wil graag hê dat volwassenes kinders se welstand, positiewe identiteite, ingeslotenheid, kindgefokusde aktiwiteite en lewensvaardigheid en vermoë om teen die lewe opgewasse te wees, bevorder.

DIE VROEË LEER- EN ONTWIKKELINGSAREAS

Daar is ses Vroeë Leer- en Ontwikkelingsareas (VLOAs) wat die drie temas en twaalf beginsels integreer. Die VLOAs organiseer kinders se ontwikkelings- en leergeleenthede om volwassenes te help om die aktiwiteite met babas, peuters en jong kinders te organiseer.

Dit is:

1. Welstand
2. Identiteit en samehorigheid
3. Kommunikasie
4. Verken wiskunde
5. Kreatiwiteit
6. Kennis en begrip van die wêreld

Elkeen van die VLOAs is nou verwant aan die gewenste resultate wat in die NSVLO geïdentifiseer is.

NSVLO bevorder 'n geïntegreerde benadering.

- Hierdie benadering sluit al die verskillende vaardighede, kennis en vermoëns in wat van kinders verwag word en hulle aangemoedig om in die verskillende gebiede van hulle ontwikkeling te behaal.
- Die geïntegreerde benadering is toepaslik aangesien dit regstreeks verband hou met hoe kinders leer. Kinders groei en ontwikkel deur blootstelling aan verskillende ervarings wat gelyktydig en interaktief plaasvind, wat die verskillende areas van kinder ontwikkeling beïnvloed.
- 'n Goeie voorbeeld sou wees wanneer 'n spesifieke ervaring of aktiwiteit bevoegdhede in die sosiale en fisiese areas, sowel as in die kognitiewe areas bou. Daarom is dit beter om die ruim bevoegdhede wat kinders na verwagting moet aanleer, uit te lig deur 'n program en aktiwiteite; eerder as die spesifieke vaardighede en vermoëns uit 'n spesifieke ontwikkelingsarea.

In NSVLO dieselfde gewenste resultate is van toepassing op alle kinders vanaf geboorte tot ouerdom vier. Elke gewensde resultaat het aanwysers en spesifieke bevoegdhede. Dit word volgens die verskillende ouerdomsgroepe uiteengesit.

Die gewenste resultate is gemik op:

- bystand te bied om seker te maak dat kinders op 'n geïntegreerde wyse leer
- instaatstelling van ouers, praktisyns en ander versorgers om gesukte programme en strategieë te kan verskaf om kinders se leeraktiwiteite te ondersteun
- om die grondslag vir lewenslange leer te verskaf



Vroeë Leer-en-Ontwikkelingsareas	Verhouding met die NSVLO - gewenste resultate	Verhouding met KABV - Grondslagfase-vakke
1. Welstand	<ul style="list-style-type: none"> • Kinders word meer bewus van hulself as individue en ontwikkel 'n positiewe selfbeeld en leer hoe om hulle eie gedrag te bestuur. • Kinders demonstreer 'n groeiende bewustheid van diversiteit en die behoefte om ander te respekteer en vir ander om te gee. • Kinders begin fisiese en motoriese vermoëns, en 'n begrip van 'n gesonde leefstyl 	Lewensvaardighede Taal
2. Identiteit en samehorigheid	<ul style="list-style-type: none"> • Kinders word meer bewus van hulself as individue en ontwikkel 'n positiewe selfbeeld en leer hoe om hulle eie gedrag te bestuur • Kinders demonstreer 'n groeiende bewustheid van diversiteit en die behoefte om ander te respekteer en vir hulle om te gee. 	Lewensvaardighede (insluitend historiese en geografiese begrip van self en familie) Taal
3. Kommunikasie	<ul style="list-style-type: none"> • Kinders leer hoe om kritisies te dink, probleme op te los en begrippe te vorm • Kinders leer om doeltreffend te kommunikeer en met vertroue taal te gebruik. • Kinders leer oor wiskundige begrippe. 	Taal Wiskunde Lewensvaardighede
4. Verken Wiskunde	<ul style="list-style-type: none"> • Kinders leer hoe om kritisies te dink, probleme op te los en begrippe te vorm • Kinders leer om doeltreffend te kommunikeer en met vertroue taal te gebruik. • Kinders leer oor wiskundige begrippe. 	Wiskunde Taal Lewensvaardighede (insluitend wetenskaplike en omgewingskennis)
5. Kreatiwiteit	<ul style="list-style-type: none"> • Kinders leer hoe om kritisies te dink, probleme op te los en begrippe te vorm • Kinders raak meer bewus van hulself as individue, ontwikkel 'n positiewe selfbeeld en leer om hul eie gedrag te beheer. • Kinders leer om doeltreffend te kommunikeer en met vertroue taal te gebruik. 	Lewensvaardighede (insluitend geskiedkundige, geografiese kennis, wetenskaplike en wiskundige kennis en vaardighede) Wiskunde
6. Kennis en begrip van die wêreld	<ul style="list-style-type: none"> • Kinders leer hoe om kritisies te dink, probleme op te los en begrippe te vorm • Kinders demonstreer 'n groeiende bewustheid van diversiteit en die behoefte om ander te respekteer en vir hulle om te gee. • Kinders leer oor wiskundige begrippe 	Lewensvaardighede (insluitend geskiedkundige, geografiese kennis, wetenskaplike en wiskundige kennis en vaardighede) Wiskunde

Rangskikking van die Kurrikulumraamwerk (NKR)

Die NKR is daarom as volg onder elke VLOA gerangskik:

Besonderhede van die Vroeë Leer- en Ontwikkelingsareas	Verduideliking
1. Doelstellings	<ul style="list-style-type: none"> Die doelstellings gee rigting aan kinders se sorg, leer en ontwikkeling in die verskillende VLOAs. Die doelwitte is gefokus op die kind se eie behoeftes op die spesifieke fase van die kind se ontwikkeling en leer belang Elke VLOA het doelstellings wat volwassenes se behoeftes vir kennis, begrip en idees vir aktiwiteite ondersteun.
2. Ontwikkelingsriglyne	<ul style="list-style-type: none"> Die ontwikkelingsriglyne gee 'n baie breë beskrywing van kinders se ontwikkeling vanaf geboorte tot ongeveer 5 jaar oud. Dit gee volwassenes 'n idee van kinders se bevoegdheid. Dit MOENIE AS 'N KONTOLELYS GEBRUIK WORD NIE. Kinders is uniek en sal op verskillende wyses en op verskillende tye van hulle wêreld sin maak. Die ontwikkelingsriglyne vorm 'n raamwerk vir waarneming van elke kind en bespreking met ouers.
3. Voorbeelde van aktiwiteite	<p>Hierdie vier kategorieë beskryf sommige aktiwiteite waarin kinders van geboorte tot ongeveer vier jaar oud vaardig is en kan deelneem.</p> <p>Die vier kategorieë weerspieël NSVLO se breë ouderdomsgroepe:</p> <ul style="list-style-type: none"> Babas: vanaf geboorte tot 18 maande Peuters: vanaf 18 tot 36 maande (3 jaar) Jong kinders: vanaf 3 tot 4 jaar Die vierde kategorie weerspieël die oorgang na die vaardigheid van die 5-jarige kind (wat dan Graad R in die Grondslagfase binnekreef). <p>Die vier ouderdoms kategorieë, alhoewel dit op NSVLO se breë ouderdomsgroepe gebaseer is,</p> <ul style="list-style-type: none"> moedig volwassenes aan om op 'n aanpasbare wyse alle kinders oor ontwikkelingsriglyne heen in te sluit; sluit in kinders met ontwikkelingsvertragings en gapings sowel as kinders met versnelde ontwikkelings- en leergroei binne alle ouderdomsgroepe tot die ouderdom van 5 en 6 (einde van Graad R), en verder, waar relevant. sluit in kinders met struikelblokke vir leer en ontwikkeling (kinders met gestremdhede en spesiale behoeftes) MOENIE 'N KONTOLELYS SKEP WAT AFGEMERK MOET WORD NIE. Hierdie is riglyne vir waarneming en beplanning, terwyl in gedagte gehou word dat kinders se individuele leerbehoeftes en belang uniek is en dat dit van dag tot dag kan verander. <p>Die AKTIWITEITE IS VOORBEELDE EN NIE VOORSKRIFTELIK NIE. Dit bied idees oor geleenthede vir leer. Volwassenes moet die spesiale konteks van die kind en doeltreffende inheemse, plaaslike en globale praktyke in ag neem.</p>
4. Assesseringsriglyne	<p>Breë assesseringsriglyne word vir elke doelstelling verskaf. Dit is regstreeks verwant aan die ontwikkelingsriglyne. Dit vorm "WAAKPUNTE" wat volwassenes by elke kind kan waarneem.</p> <p>Dit stel volwassenes in staat om:</p> <ul style="list-style-type: none"> waar te neem (kyk en luister na) van die ontwikkeling en leerbehoeftes en belang van elke kind en; notas te neem; inligting te gebruik vanuit waarnemings om te help met die beplanning van leerervarings en; hul praktyk te verbetering; besprekings met ouers; en waar nodig, met die ouers, te verwys na toepaslike ondersteuningsdienste(spesialis sorg). <p>Sommige "waakpunte" is verskaf om dit vir volwassenes moontlik te maak om moontlike uitdagings wat kinders kan teëkom, te identifiseer. Verdere leiding is nodig vir volledige ingeligte waarneming van kinders se ontwikkeling en sal verkry word deur kursusse, werkssessies en oor spesiale behoeftes te lees en dit te bespreek.</p> <p>Riglyne vir assesseringsbeleid word in die finale afdeling van die NKR verskaf.</p>

Die oorsig van die NKR



Figuur 4 Die struktuur van die NKR

Die Struktuur van elke VLOA



Figuur 5 Die struktuur van elke VLOA

Welstand is die sleutel leerarea vir die ontwikkeling van babas, peuters en jong kinders.

In Suid-Afrika leef baie babas, peuters en jong kinders in omgewings wat hulle oorlewing, beskerming en ontwikkeling op negatiewe wyses beïnvloed. Vroeë kinderjare programme word gebruik om hierdie kinders se lewenskanse te verbeter. Die NKR fokus dus op WELSTAND as die sleutel Vroeë Leer- en Ontwikkelingsarea.

Wanneer babas, peuters en jong kinders

- goed gevoed is
- gesond is
- veilig en geborge is
- fisies sterk is en
- in 'n spanningsvrye omgewing is,

floreer hulle in hulle ontwikkeling en leer



Figuur 6 Welstand is die sleutel Vroeë Leer- en Ontwikkelingsarea wat alle ander Vroeë Leer- en Ontwikkelings areas ondersteun.

Gebruik van die Vroeë Leer-en Ontwikkelingsareas

Die volwassene wat met die NKR werk (byvoorbeeld, ouer, versorger, praktisyen, fasilitateerde, dosent, ondersteuning- en moniteringspersoneel) sal opmerk dat

Alle kinders moet hulle grondwetlike regte geniet en gesinne en vertroude sosiale sirkels het die verantwoordelikheid om seker te maak dat daar aan hierdie regte voldoen word

Elke kind is met regte gebore. Die volgende kom uit "The State of the World's Children 2001, UNICEF: Section 28":

1. Beskerming teen fisiese gevaar
2. Voldoende voeding en gesondheidsorg
3. Toepaslike immuniserings
4. 'n Volwassene waarmee 'n band gevorm kan word
5. 'n Volwassene wat hulle gebare kan verstaan en daarop reageer
6. Dinge wat hulle kan aanraak, hoor, ruik en proe
7. Geleenthede om hulle wêreld te verken.
8. Toepaslike taal stimulusie
9. Ondersteuning in die werwing van nuwe motoriese, taal- en denkvaardighede
10. 'n Kans om onafhanklikheid te ontwikkel
11. Help om te leer hoe om hulle eie gedrag te beheer
12. Geleenthede om vir hulself te begin sorg
13. Daaglike kanse om met 'n verskeidenheid van voorwerpe te speel
14. Geleenthede om fynspieraardigheid te ontwikkel.
15. Aanmoediging van taal deur te praat, om voorgelees te word, te sing
16. Aktiwiteite wat 'n gevoel van bemeesterding sal ontwikkel
17. Eksperimentering met vooraf skrif- en -leesvaardighede
18. Praktiese verkenning vir leer deur aksie
19. Geleenthede om verantwoordelikheid te neem en keuses te maak
20. Aanmoediging om selfbeheer, samewerking en volharding in die afhandeling van projekte te ontwikkel
21. Ondersteuning vir hulle gevoel van selfwaarde
22. Geleenthede vir selfuitdrukking
23. Aanmoediging van kreatiwiteit

Ouer babas en peuters begin om 'n gevoel van verantwoordelikheid te ontwikkel soos hulle

1. met roetines help, soos byvoorbeeld wasgoed en skottelgoed was, skoonmaak en uitvee
2. eenvoudige instruksies uitvoer
3. luister na ander
4. die maniere van die kultuur gebruik, byvoorbeeld as hulle eet.

Volwassenes help kinders om hulle regte te besef en geleidelik hulle verantwoordelikhede uit te voer deur:

1. die ontwikkeling van taal aan te moedig deur te praat, aan hulle voor te lees, te sing, vooraf skrif- en vooraf leesvaardighede
2. aktiwiteite te bied wat 'n gevoel van bemeesterding sal ontwikkel
3. praktiese verkenning en aktiewe leer aan te moedig
4. geleenthede te bied om verantwoordelikheid te neem en keuses te maak
5. die ontwikkeling van selfbeheer, samewerking en volharding in die afhandeling van projekte aan te moedig
6. ondersteuning vir die ontwikkeling van hulle gevoel van selfwaarde
7. geleenthede vir selfuitdrukking te verskaf
8. kreatiwiteit aan te moedig
9. ten alle tye 'n toonbeeld wees vir gewenste gedrag (byvoorbeeld deur na kinders te luister op dieselfde wyse as wat daar van kinders verwag word om te luister)
10. verduidelik waarom sekere gedrag wenslik is al dan nie
11. die nodige stappe te demonstreer wat vir elke gedrag nodig is, byvoorbeeld hoe die neus op 'n higiëniese wyse geblaas word
12. bereidwilligheid te toon om by kinders self oor kinders te leer



a. Die VLOAs is natuurlik gekombineer met die meeste roetines en aktiwiteite wat vir kinders aangebied word.

Die volgende is 'n voorbeeld van die geïntegreerde aard van aktiwiteite in die vroeë jare van babas, peuters en jong kinders wat met sand en water speel:

'n Aktiwiteit: speel met water en sand	
VLOA	Aksie deur die volwassene bevorder: kinders
Welstand	<ul style="list-style-type: none"> • speel veilig • ontwikkel krag van kleinspiere asook koördinasie
Identiteit en samehorigheid	<ul style="list-style-type: none"> • is bewus van hulself as bevoegde en selfversekerde leerders • ontwikkel 'n sterk sin van selfversorging • bou sterk verhoudings met ander kinders en met volwassenes
Kommunikasie	<ul style="list-style-type: none"> • praat en luister • lees (byvoorbeeld, etikette op houers, voorwerpe) • Opname en skryf (tekeninge en verfwerk, modelleerwerk met klei en modder, liedjies en rympies oor die speelervarings met sand en water) • struktuur en woordeskat.
Verken wiskunde	<ul style="list-style-type: none"> • getal en tel • sortering en klassifisering, vergelykings maak en probleme oplos • vorm, ruimte en metings
Kreatiwiteit	<ul style="list-style-type: none"> • los probleme op van ontwerp • maak prente in 2D en 3D • speel fantasie-speletjies • sing liedjies en rympies • dans
Kennis en begrip van die wêreld	<ul style="list-style-type: none"> • ontwerp, maak items en verken tegnologie • verken tyd en plek • verken en ondersoek die wêreld

b. Kinders se potensiaal

Kinders se behoeftes verskil oor die vier breë tydramwerke en die behoeftes van elke kind moet in die VKO-program ingesluit word

Kinders benodig aktiwiteite wat hulle kan uitvoer en geniet om te doen asook wat hulle kan uitdaag. Meeste van hierdie aktiwiteite sal in die breë kategorie van hul ontwikkelingstadium val (Begin, Gaan voort, Vorder verder en Na Graad R), maar elke kind het moontlik areas waarin hulle meer of minder belangstelling en vermoë het. Volwassenes moet seker maak dat hulle vir elke kind aktiwiteite aanbied wat daardie kind se eie belangstelling- en ontwikkelingsbehoeftes versterk.

Ontwikkelende "versnelling" of tye van vinnige groei en ontwikkeling

Kinders het gereeld ontwikkelingversnellings in verskeie areas wanneer hulle groter belangstelling en vermoë toon, byvoorbeeld 'n baba kan dalk baie belangstelling toon in teken en verf en "goed daarin wees". Volwassenes moet visuele kunsaktiwiteite aanbied wat die baba as 'n uitdaging sien.

Gebruik aktiwiteite van die opvolgafdelings met kinders wat belangstelling benodig en wys in verdere en meer komplekse aktiwiteite. Bied aan kinders wat verdere stimulus benodig, sommige van die Graad R-aktiwiteite wat in die relevante afdelings van die KABV-dokumente voorgestel word.

Ontwikkelingvertragings

- Kinders kan ook moontlik gereeld vertragings in hul ontwikkeling ervaar, wat lang- of korttermyn kan wees. Hulle kan moontlik 'n tekort aan belangstelling in 'n sekere tipe aktiwiteit of bespreking toon.
- byvoorbeeld, 'n peuter met 'n fisiese gebrek moet dalk aktiwiteite hê wat vir 'n kind uiteengesit is wat nog nie kan sit nie, maar op 'n intellektuele uitdagingsvlak van 'n driejarige is byvoorbeeld, 'n jong kind kan dalk meer in fisiese aktiwiteite geïnteresseerd wees as om na 'n storie te luister. Die volwassene moet meer uitdagende geleenthede vir fisiese ontwikkeling bied, asook interessante en aanloklike uitnodigings om te luister en stories te lees sodat die kind ook 'n belangstelling in boeke kan ontwikkel.

Gebruik aktiwiteite van die vorige tydramwerkafdelings met kinders wat in eenvoudiger en minder komplekse aktiwiteite belangstelling toon en benodig.

c. Kinders met spesiale opvoedkundige- en versorgingsbehoeftes

Kinders met gestremdhede byvoorbeeld, fisiese, intellektuele of sensoriese verswakking, mediese broos-kinders (byvoorbeeld, MIV-positief) en kinders wat in armoede leef, kan dalk hindernisse met deelname en leer ondervind. Sterk beklemtoning word geplaas op aanbieding van programaktiwiteite deur die gesinne en VKO-praktisyne met ondersteuning van monitering, opleiding en spesialis personeel, waar nodig.

Alle kinders is nuuskierig, energiek en wil betrokke wees in hulle eie leerproses en ontwikkeling. Kinders met spesiale opvoedkundige behoeftes is nie 'n uitsondering nie. Hulle benodig ondersteuning en redelike aanpassing om gelyke geleenthede te hê om hulle volle potensiaal te bereik

d. Traditionele en plaaslike kennis, vaardighede en gedrag

Sterk beklemtoning word geplaas op die aanbieding van die program se ontwerp en aktiwiteite vir kinders en hul families volgens plaaslike en tradisionele kennis, vaardighede en gedrag wat kinders se ontwikkeling en leerproses verbeter en wat die insluiting van gesinne in die VKO-program verbeter.

Plaaslike en tradisionele kennis moet kinders se regte verbeter en op die behoefte van elke kind fokus om nuuskierig oor die wêreld te wees, energiek in sy/haar verkenning van die wêreld en veilig te voel.

e. Die belangrikheid van speel

Babas en jong kinders leer terwyl hulle speel. Aan die begin is dit enkelspel aangesien hulle op hulle eie speel of met dié wat naaste aan hulle is, gewoonlik 'n ouer of kinderoppasser. Dan kom parallelspel wanneer hulle langs mekaar speel. Koörperatiewe spel is wanneer hulle met ander begin speel. Hulle leer wanneer hulle met dinge rondom hulle speel – hulle leer hoe dinge voel, wat jy daar mee maak, hoe dit ruik, proe en klink. Hulle leer ook deur te kyk hoe ander kinders speel. Hulle leer deur te kyk wat volwassenes doen. Dit neem tyd en volwassenes moet seker maak dat babas en jong kinders oogenoeg geleenthede het om deur spel te leer, ook genaamd aktiewe leer.

f. Moedertaal en veertaligheid

Alle kinders moet leer om in hulle moedertaal te hoor en te praat. As hulle 'n soliede grondslag in hul moedertaal het, sal hulle dit makliker vind om 'n ander taal aan te leer aangesien hulle reeds uitgevind het hoe taal gestruktureerd is en hoe om met ander te kommunikeer. Dit sal hulle help as hulle in 'n plek versorg word waar daar meer as een taal gepraat word.

VROEË LEER-EN-ONTWIKKELINGSAREA EEN: WELSTAND

Die kind se stem



Ek moet 'n omgewing ervaar waarin ek goeie gesondheid, voeding, veiligheid en geborgenheid kan geniet en waar ek selfvertroue en aanpasbaarheid kan ontwikkel.

Ek wil gelukkig wees. Dit is my reg.

Ek is gewoonlik fisies baie aktief en my liggaaam ontwikkel en groei vinnig. Ek het genoeg voedsame kos nodig. Behoorlike gesondheidsorg en 'n veilige omgewing is baie belangrik om groei en ontwikkeling te verseker. Dit is my reg.

Wat is 'welstand'?

Wanneer kinders 'n sterk gevoel van welstand het,

- het hulle 'n veilige en ondersteunende verhouding met hulle versorger
- geniet hulle hul regte en leer hulle geleidelik om hulle verantwoordelikhede teenoor hulself, ander en hulle omgewing na te kom
- geniet hulle goeie gesondheid (van voor geboorte)
- lewe hulle in 'n veilige en geborge omgewing
- is hulle welgevoed vanaf bevrugting (in die baarmoeder)
- ontwikkel hulle vermoëns en belangstelling in fisiese aktiwiteite
- kan hulle op moeilike omstandighede en daagliks spanning reageer (hulle is sterk en aanpasbaar en ervaar gevoelens van geluk).

Welstand sluit dus die emosionele, sosiale sowel as die fisiese aspekte van kinders se ontwikkeling in. Welstand is baie belangrik omdat wanneer kinders gesond, fisies aktief en goed gevoed is, is hulle gemotiveerd om te leer.

Die toestand van kinders se welstand hang ook daarvan af of hulle gewaardeer, gerespekteer en ondersteun word deur die volwassenes in hulle gesinne en in hulle VKO-programme om die daagliks spanning in hulle lewe te hanteer.

Welstand kan nie van leer geskei word nie. Hierdie vroeë leerarea is vanaf bevrugting besonder belangrik vir alle kinders.

Volwassenes moet aandag skenk aan kinders se welstand

- Kinders se regte vorm die grondslag vir alle welstand en leer.
- Alle kinders, ook dié met gestremdhede en spesiale behoeftes het die reg om aandag te kry en moet ondersteun word om hulle in staat te stel om tot hulle volle potensiaal te ontwikkel en te leer

- Volwassenes moet kinders se regte in alle aktiwiteite in te sluit wat hulle bied wanneer hulle met en vir kinders werk.
- Die beste belang van babas, peuters en jong kinders vorm die grondslag vir alle interaksies en volwassenes moet:
 - alle kinders versigtig dophou om op hulle behoeftes en belangstellings te let. Kyk wat hulle doen en hoe hulle reageer.
 - noukeurig van geboorte af na kinders luister. Kinders kommunikeer deur geluide te maak (byvoorbeeld te huil, skree, koer en te lag), deur liggaaamstaal (byvoorbeeld gebare, glimlag, waai, druk) en deur taal (byvoorbeeld deur woorde en tekeninge, kammaspel)
 - eers dink aan wat die beste vir die kind is
 - alle kinders se sienswyses in ag neem
 - verslae hou om wanneer nodig te deel met ouers en professionele kollegas (byvoorbeeld gesondheid, sosiale ontwikkeling, onderwyskollegas).
- Kinders sien daarna uit om by volwassenes te wees wie hulle verstaan, van hulle hou en hulle deur ondersteunende verhoudings help om te groei en te leer.
- Volwassenes moet geleenthede skep vir babas, peuters en jong kinders om te leer van
 - hulle regte en verantwoordelikhede terwyl hulle grootword
 - gesondheid en veiligheid deur gereelde basiese roetines wat maaltye met voedsame kos insluit asook roetines vir higiëne, veiligheid en sekuriteit
 - hulle liggaaome en hulle vermoë om te beweeg en toerusting te gebruik
 - ontwikkeling in onafhanklikheid en aanpasbaarheid deur hulle aan te moedig om keuses te maak en besluite te neem.



Figuur 7 Werk met gesinne en hulle jong kinders om welstand te bevorder

Punte om oor na te dink

- Hoe beïnvloed die huislike omgewing, die gesin en vroeë kinderprogram kinders se welstand positief?
- Hoe kan die huislike omgewing, die gesin en vroeë kinderprogram kinders se welstand negatief beïnvloed?
- Hoe kan daar op positiewe geleenthede en hulpbronne gebou word om kinders te help om 'n goeie gevoel van welstand te ontwikkel?
- Hoe kan die negatiewe aspekte gehanteer en tot die minimum beperk word?
- Bied die VKO-program genoeg ondersteuning aan alle kinders vir die ontwikkeling van 'n sterk gevoel van welstand in elke aspek?

Doelstellings, ontwikkelingsriglyne, voorbeeld van aktiwiteite vir die bevordering van welstand

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuers en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
1. Kinders is goed gevoed	Begin Babas <ul style="list-style-type: none"> • groei vanaf geboorte volgens die riglyne in die Pad na Gesondheid-boekie • begin om voorkeure te toon vir wat hulle wil proe • ondersoek kos deur daarmee te eksperimenteer en daarmee te speel • laat weet wanneer hulle honger of versadig is • aanvaar en vra vir gunstelingkosse • is gewillig om nuwe kos te probeer • kou kos goed <p>Sommige babas ondervind moontlik ontwikkelingsvertragings op party gebiede en party ondervind moontlik ontwikkeling spronge op party gebiede.</p>	Begin <ul style="list-style-type: none"> • Maak 'n speletjie daarvan om die babas en peuters te weeg en te meet sodat hulle die ondervinding geniet • Bied aan elke kind 'n verskeidenheid kosse. Neem in ag dat daar moontlik kulturele verskille kan wees in wat as goeie kos vir babas beskou word • Bestee tyd saam met elke kind gedurende maaltye • Maak maaltye aangenaam deur met babas te praat, vir hulle rympies te sing, stories te vertel • Praat in die moedertaal oor wat gedurende maaltye gebeur • Demonstreer voedsame eetgewoontes • Verwag van 'n kind om van nuwe kos te hou en bied dit aan saam met aanmoediging. Neem babas waar en reageer • Verwag dat die babas 'n gemors sal maak wanneer hulle hulself probeer voer • Bied alle kos en drank op 'n aantreklike manier aan • Herken en gebruik plaaslike en inheemse kulturele beskouings en gebruikte oor positiewe voedingspraktyk. 	Neem waar en bespreek met ouers hulle babas, peuters en jong kinders se <ul style="list-style-type: none"> • drink- en eetgewoontes • drink- en eetvoorkeure • vlakte van genot wanneer hulle eet • energievlekke • hongervlekke • groei (deur die Pad na Gesondheid-boekie te gebruik) insluitende ondergewig en vetsug en lengte • kennis van <ul style="list-style-type: none"> – verskillende soorte kos, smake en waardes – voedingsroetines – kos- en waterhygiëne roetines – 'goeie maniere' van die gemeenskap en ander in voedings roetines • ontwikkeling van vaardighede en gedrag vir <ul style="list-style-type: none"> – Voorbereiding, aanbieding en afdekking van kos – met eetgerei en breekware

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
	<p>Gaan voort</p> <ul style="list-style-type: none"> Peuters gaan voort om vanaf geboorte te groei volgens die riglyne in die Pad na Gesondheid-boekie Peuters begin om: <ul style="list-style-type: none"> nuwe en verskillende kos te herken 'n idee te hê van ooreenkoms en verskille in smake en vooriks te verstaan watter kos voedsaam is, te help om kos op te dien of borde en lepels en ander voorwerpe uit te pak plaaslike sowel as inheemse kos en maniere van eet te geniet volgens gesinsgebruik Sommige peuters ondervind moontlik ontwikkelingsvertragings op party gebiede en party ondervind moontlik ontwikkelingspronge op party gebiede. 	<p>Gaan voort</p> <ul style="list-style-type: none"> Gaan voort met die aktiwiteite en idees uit die vorige afdeling oor 'Begin' vir peuters wat dit nodig het, en bied aktiwiteite uit 'Vorder verder' vir kinders wat ontwikkelingspronge ondervind. Voorsien klein porsies kos om peuters aan te moedig om te voel dat hulle dit alles kan eet Moedig peuters aan om meer kos te vra wanneer hulle dit nodig het met die oog op hulle ontwikkelingsbehoeftes Sit 'n verskeidenheid kosse by elke maaltyd voor Help kinders om te eet wanneer hulle moeg word om dit self te doen Bespreek die kosse en waar dit vandaan kom Bevorder tradisionele en plaaslik beskikbare kosse Kyk saam met peuters deur gedrukte materiaal (soos kosadvertensies) en bespreek die voedsame sowel as die 'gemors'-kosse Maak collages van voedsame kosse met die kinders Sing liedjies en rympies en doen drama en kammaspel met die kinders sowel as visuele kunsaktiwiteite, soos teken, sny en plak, verf, oor voeding en kos. Ondersteun kinders om verskillende voorwerpe te hanteer, byvoorbeeld bord, bak, koppie, lepel en mes en vurk (laasgenoemde onder toesig) Ondersteun kinders om verskillende prosesse te hanteer, byvoorbeeld skink, skep, afvee, skoonmaak, om voorwerpe te was, te stapel. 	<p>Let op punte om aan te teken en op te reageer vir individuele babas, peuters en jong kinders wat voedingsrisiko loop</p> <p>a. ondervoeding</p> <ul style="list-style-type: none"> simptome van kwasjiorkor (swelling van die voete, opgeblase buik, dun hare, verlies van tande, pigmentasie van die vel en veluitslae) <p>b. siekte</p> <ul style="list-style-type: none"> gebrek aan eetlus as 'n teken en simptoom van siekte braking en diarree (etlike waterige stoelgange binne 'n uur of as daar bloed in die ontlasting is) (kontak mediese hulp onmiddellik, gee afgekoelde kookwater met 'n bietjie sout en suiker bygevoeg en maak seker dat die kind gereeld klein hoeveelhede kos eet) koors met braking en diarree baie dors of onvermoë om te drink <p>c. vetsug</p> <ul style="list-style-type: none"> massa volgens getuienis in Pad na Gesondheid-boekie (raadpleeg ouers en verwys na kliniek)
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders</p> <ul style="list-style-type: none"> weet hoe belangrik dit is om skoon kos te eet toon belangstelling daarin om nuwe kosse te probeer identifiseer party voedsame kosse help om enige drank of kos wat gemors het, skoon te maak 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> Gaan voort met die aktiwiteite en idees uit die vorige afdeling oor 'Begin' en 'Gaan voort' met al die kinders en veral met dié wat ontwikkelingsvertragings en gebreke ondervind. Begin 'n kostuin en gee kinders verantwoordelikhede om daarvoor te sorg. 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuers en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
	<p>Na Graad R</p> <p>Jong kinders weet</p> <ul style="list-style-type: none"> • Van voedselgroepe en dat dit belangrik is om voedsel te eet om hulle te help om sterk groei. • Waar kos vandaan kom en die produksie proses 	<p>Na Graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> • Volwassenes en kinders kan plakprentskilderye van voedsel in verskillende voedselgroepe maak; volwassenes kan die belangrikheid van goeie voeding met kinders bespreek • Volwassenes kan boeke aan kinders toon van boerdery en fabrike en hoe sommige produkte tuis gemaak word. Volwassenes kan oor voedsel praat terwyl hulle inkopies vir kruideniersware doen. 	
2. Kinders is gesond en het 'n gevoel vir goeie higiëne	<p>Begin</p> <p>Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> • geniet dit dikwels om te skop en in warm water te lê en plas en in water te speel terwyl 'n volwassene toesig hou • toon belangstelling om hulle hande en klere en voorwerpe met hulp te was • stel belang daarin om van gesonde lewensgewoontes en higiëne te leer 	<p>Begin</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toon higiëniese gedrag, byvoorbeeld om hande te was voor daar geëet word en nadat toilet toe gegaan is • Praat en sing oor higiëne en gesondheid terwyl gesondheids- en higiëne roetines saam met die babas uitgevoer word • Wys vir ouer babas hoe om hulle hande te was en gee hulle baie geleenthede om dit te doen. • Gebruik aktiwiteite uit die volgende afdelings met babas wat meer gevorderde aktiwiteite nodig het en daarin belangstelling toon 	<p>Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se</p> <ul style="list-style-type: none"> • energievlake • belangstelling in kos • immuniseringsverslag om te bevestig dat dit op datum is (sien Pad na Gesondheid-boekie) • gesonde tandontwikkeling • bewustheid en demonstrasie van higiëniese praktiese soos handewas, neussnuit, toiletroetines

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuers en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
	<p>Gaan voort</p> <p>Jong kinders gaan voort om</p> <ul style="list-style-type: none"> • gesigwas, handewas, ens. na te boots • tandeborsel na te boots • hande betreklik goed te was • te vra dat hulle neus afgegee word wanneer nodig • verstaan basiese veiligheidsreëls 	<p>Gaan voort</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaan voort met die aktiwiteite en idees uit die vorige afdeling oor 'Begin' met al die kinders en veral met dié wat ontwikkelingsvertragings en gebreke ondervind. • Gebruik idees uit die volgende afdeling Vorder verder en Na graad R met kinders wat gereed is om verdere aktiwiteite te doen. • Praat oor 'skoon' en 'vuil' en • organiseer aktiwiteite sodat die kinders - om vuil te wees wanneer hulle buite speel, as 'n positiewe ondervinding kan ervaar, gevvolg deur die positiewe ondervinding om liggame en voorwerpe daarna te was • Wanneer kinders gewas of gebad word, spoor hulle aan om verskillende dele van hulle liggam self te was • Moedig kinders aan en prys hulle wanneer hulle onthou om hulle hande te was nadat hulle die toilet gebruik het en voordat hulle kos eet. 	<p>Let op punte om aan te teken en op te reageer vir babas, peuters en jong kinders wat risiko loop van swak gesondheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • Het die kind 'n koors? • Bring die kind alles op? • Het die kind stuipe (toevalle) gehad? • Is die kind lusteloos (lyk "lui") of bewusteloos? • Het die kind 'n bolugweginfeksie (hoes en sukkel om asem te haal)? • Het die kind enige bedorwe tande? • Lewe die kind in 'n higiëniese en gesonde omgewing?
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders</p> <ul style="list-style-type: none"> • was hande en gesig en liggama • snuit higiënies hulle eie neus • vertel van ander van basiese higiëne- en veiligheidsreëls en die redes daarvoor • borsel hulle eie tande vaardig • verduidelik in eenvoudige terme hoe siekte veroorsaak word (bakterieë, virusse en onhigiëniese toestande) • identifiseer party van hulle eie simptome wanneer hulle siek is 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaan voort met die aktiwiteite en idees uit die vorige afdeling oor 'Begin' en 'Gaan voort' met al die kinders en veral met dié wat ontwikkelingsvertragings en gebreke ondervind. • Maak seker dat kinders alle roetines wat met persoonlike higiëne verband hou, gebruik en geniet • Sing liedjies en rympies oor gesondheids- en higiëne roetines. • Maak dramas vir kinders om met dans en beweging uit te voer • Lees en vertel stories oor gesondheid en higiëne • Vra gaste om te kom wys en vertel oor gesondheid en higiëne byvoorbeeld verpleegster, dokter, vullisverwydering • Vra kinders om te help met eenvoudige roetinetake soos skoonmaak, was, vee. Maak dit interessant om dit te doen sodat kinders die aktiwiteite geniet. 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuers en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders het steeds prosesse nodig wat hulle as babas en peuters begin het en verstaan al hoe meer</p> <ul style="list-style-type: none"> • hoe siektes oorgedra word • simptome van siekte en besering • wanneer om hulp by volwassenes te soek 	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bied aktiwiteite aan jong kinders wat ontwikkeling-'spronge' ervar voordat hulle met graad R begin deur uit die toepaslike dele van die KABV se Lewensvaardighede dokumente te werk 	
<p>3.</p> <p>Kinders bou 'n gevoel van veiligheid en geborgenheid (omgewingsgesondheid)</p>	<p>Begin</p> <p>Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> • ontwikkel gevoelens dat hulle veilig en geborge is wanneer daar onmiddellik op hulle fisiese en emosionele behoeftes gereageer word • ontwikkel gevoelens van vertroue en samehorigheid wanneer volwassenes hulle liefdevolle fisiese aandag gee en liefdevol met hulle kommunikeer • reageer op waarskuwings teen gevaar • begin basiese veiligheidsreëls verstaan 	<p>Begin</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gee elke baba baie aandag deur liefdevolle fisiese versorging en konstante kommunikasie (byvoorbeeld praat, sing, glimlag, kyk en luister) • Gebruik woorde en gebare om gevare te toon van, byvoorbeeld, muurproppe, vuur • Sing liedjies en rympies oor veiligheid en sekuriteit • Vertel stories oor veiligheid en sekuriteit wat die babas help om hanteermeganismes te ontwikkel (maar wees versigtig dat kinders nie as gevolg daarvan bang gemaak word nie) • Gebruik aktiwiteite uit die volgende afdelings met babas wat meer gevorderde aktiwiteite nodig het en belangstelling daarin toon 	<p>Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om</p> <ul style="list-style-type: none"> • verantwoordelikheid vir hulle eie veiligheid in die omgewing te aanvaar • hulp te soek by en op gepaste wyse teenoor volwassenes te reageer • versigtig te wees in die omgewing en naby potensieel gevaaarlike voorwerpe (byvoorbeeld naby trappe, verkeer, diere, messe, skêre, skerp potlode) • bewus te wees van en vermoë om basiese gesondheids- en veiligheidsroetines te volg (byvoorbeeld branddril, versigtig te wees vir vreemdelinge, ken hulle name en vanne en weet waar hulle woon vir identifikasie-doeleindes)

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en</p> <ul style="list-style-type: none"> • wil alles in die omgewing verken met natuurlike nuuskierigheid • is dikwels onbewus van gevare maar sal na waarskuwings luister 	<p>Gaan voort</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaan voort met die aktiwiteite en idees uit die vorige afdeling oor 'Begin' met al die peuters en veral met dié wat ontwikkelingsvertragings en gebreke ondervind. • Moedig peuters aan om ondersoek in te stel en nuuskierig te wees oor hulle wêreld en <ul style="list-style-type: none"> – herinner kinders aan gevare – oefen veiligheidsoefeninge in sentrumgebaseerde sorg – wys gevare in die omgewing uit. • Vra peuters oop vrae oor veiligheid wanneer hulle ondersoek instel soos <i>Wat kan ons doen om ...</i> • Voorsien liefdevolle aandag aan elke kind terwyl sy ondersoek instel sodat hulle veilig is en 'n gevoel van samehorigheid het en goedkeuring omdat hulle hulself is. • Gebruik aktiwiteite uit die volgende afdelings met babas wat meer gevorderde aktiwiteite nodig het en daarin belangstelling toon. 	<p>Let op punte om aan te teken en op te reageer vir individuele babas, peuters en jong kinders wat risiko loop in veiligheid en sekuriteit</p> <ul style="list-style-type: none"> • tekens van fisiese of seksuele misbruik • tekens van emosionele misbruik • tekens van verwaarlozing • die kind let nie brandmerke of beserings op nie • onvermoë om oordele oor veiligheid te maak (byvoorbeeld let verkeer nie op nie)
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en is in toenemende mate in staat om</p> <ul style="list-style-type: none"> • party gevaarlike situasies, voorwerpe en simbole te identifiseer • hulle naam en adres te verskaf • basiese veiligheidsreëls te verstaan • eenvoudige instruksies te volg oor wat om te doen wanneer sy in gevaar verkeer 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaan voort met die aktiwiteite en idees uit die vorige afdeling oor 'Begin' en 'Gaan voort' met al die kinders en veral met dié wat ontwikkelingsvertragings en gebreke ondervind. • Help kinders om hulle adresse te onthou of te beskryf waar hulle woon • Wys op veiligheidsimbole, byvoorbeeld, stopteken, maak sitplekgordels vas, gif • As kinders u vertel van 'n voorval wat hulle ongemaklik laat voel het, wys dat u bereid is om te luister • Bied aktiwiteite aan jong kinders wat ontwikkeling-'sponge' ervaar voordat hulle met graad R begin deur uit die toepaslike dele van die KABV-dokumente te werk. 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuers en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en is in toenemende mate in staat om</p> <ul style="list-style-type: none"> • gevare in die omgewing te identifiseer en aan te meld • selfversekerd te voel om gevaaar aan te meld • hulle persoonlike besonderhede te gee – naam, ouderdom, adres, kontaknommer vir mense wat hulle ken 	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bied aktiwiteite aan jong kinders wat ontwikkeling-‘sponge’ ervar voordat hulle met graad R begin deur uit die toepaslike dele van die KABV se Lewensvaardighede dokumente te werk 	
<p>4.</p> <p>Kinders is fisies sterk en toon vermoëns en belangstelling in fisiese aktiwiteite</p>	<p>Begin</p> <p>Groot spiere</p> <p>Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> • toon vanaf geboorte reflekse soos die skrik-, loop- en trap-, suig-, grypreflekse • beweeg arms en bene vrylik • ontwikkel en versterk nek en liggaamspiere deur te draai, sit en te staan • gebruik groot spiere om op verskillende maniere te beweeg, insluitende kruip, sleep en lig • beweeg van lê tot sit • beweeg van sit tot staan • loop alleen wanneer een hand vasgehou word • loop, stop en begin veilig • klim trappe met hulp • hardloop 	<p>Begin</p> <p>Ontwikkeling van groot spiere</p> <ul style="list-style-type: none"> • Speel bewegingspeletjies met babas deur te oefen en die ontwikkeling van hulle groot spiere te bevorder, byvoorbeeld stadig optrek, prys en sing rympies en liedjies oor hierdie bewegings • Gebruik liedjies en rympies en ritmiese bewegings vanaf geboorte met babas en praat met die babas terwyl u hulle help oefen • Bevorder die gebruik van positiewe tradisionele en plaaslike aktiwiteite, byvoorbeeld massering met inagneming van gesinskultuur • Gebruik ligte bewegings en sagte klanke • Voorsien stewige, soliede en veilige toerusting wat babas help om te beweeg, soos stompe, buitebande, houthouers • Voorsien ondersteuning aan elke kind vir hul behoeftes ten opsigte van groot spiere, byvoorbeeld helpende hande, toerusting om te beweeg, trappe om te klim 	<p>Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se</p> <ul style="list-style-type: none"> • Refleksies van die nuut geborene (bv skrik, suig en grypaksie) • Die beweging van die arms, bene en middellyf • Die vermoë om te draai, sit en staan. • Vermoeï om te kruip, hardloop, balansering, huppel, galop en klim • Koordinasie(bv. Oog-hand, oog-voet koordinasie) • Perseptuele vermoëns(bv. Visueel, gehoor, ruimte oriëntering) • Die vermoë om gelydelik met die gebruik van klein spiere, te gryp, op te tel en te manipuleer. • Gebruik regte potlood greep • Belang in en genot van fisiese aktiwiteite van verskeie tipes (bv speletjies, dans en beweging aktiwiteite) • Die gebruik van sintuie om met die mense en omgewing te meng.



Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
	<p>Klein spiere</p> <p>Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> • gebruik klein spiere om in meer detail ondersoek in te stel deur voorwerpe te gryp, daarvan te voel, dit te hanteer • toon 'n mate van oog-hand-köördinasie • stoot en trek groot speelgoed, bokse en lichte voorwerpe op die vloer rond • tel klein voorwerpe met duim en wysvinger op • laat val of gooi voorwerpe vorentoe • voer hulself met 'n bietjie hulp • bou 'n driebloktering • eet met 'n lepel, hou 'n beker met albei hande vas • hou potlood of kryt in die hand om te krabbel. 	<p>Ontwikkeling van klein spiere</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gee baie geleenthede aan elke baba om verskillende soorte voorwerpe te manipuleer, soos voer, teken, bouterusting. • Moedig babas aan om verskillende voorwerpe te gryp, op te tel, vas te hou, te skud en te proe, daarna te kyk, te luister, daarvan te ruik en te voel. • Gebruik gepaste veilige materiale uit die omgewing, soos klippies, stokke, plastiekhouers, vir kinders om te hanteer <ul style="list-style-type: none"> – hulle eienskappe te identifiseer (plastiek, lig, helderkleurig, glad, ens.) – te skink en vol te maak – te rol, vorentoe en agtertoe te beweeg – te bou, te balanseer, te stapel • Voorsien eetgerei vir babas wat gereed is, om dit te gebruik en om u te help om dit op te was wanneer hulle klaar het • Voorsien baie geleenthede om te teken met groot waskryte, wysvingers en stokkies met water en verf op papier en in sand • Voorsien geleenthede vir peuters om met skêrtjies te knip (help hulle om dit reg vas te hou en om die knypbewegings te maak wat nodig is om papier te sny) • Help babas om tekeninstrumente op die regte manier vas te hou (potloodgreep) • Gebruik aktiwiteite uit die volgende afdelings met babas wat verdere fisiese aktiwiteite nodig het en belangstelling daarin toon. 	<p>Let op punte om aan te teken en op te reageer vir individuele babas, peuters en jong kinders by fisiese risiko</p> <ul style="list-style-type: none"> • gebrek aan spieronus (slap ledemate) • sig en gehoor probleme • sukkel om 'n ledemaat te gebruik • sukkel om te sit, te kruip, te staan, te loop, te hardloop • voel pyn wanneer beweeg

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuers en jong kinders	Voorbeelde van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters</p> <p>Gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en</p> <ul style="list-style-type: none"> • gaan voort om hulle groter en klein spiere en die spiere van hulle bolyf (bors, rug en maag) te ontwikkel soos in die beginstadiums • verfyn hulle vaardighede en word meer bedrewe in die gebruik van hulle groot en klein spiere 	<p>Gaan voort</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaan voort met die aktiwiteite en idees uit die vorige afdeling oor 'Begin' met al die kinders en veral met dié wat ontwikkelingsvertragings en gebreke ondervind. 	
	<p>Groot spiere</p> <p>Peuters gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en</p> <ul style="list-style-type: none"> • probeer 'n groot bal skop • beweeg ritmies op die maat van musiek • hardloop goed • klim oor lae mure of toerusting • spring met twee voete bymekaar • staan en loop op hul tone 	<p>Aktiwiteite van groot spiere</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bied meer aktiwiteite en speletjies aan om vaardighede van groot spiere en bolyf te ontwikkel (klim, balanseer, draai, rol, hardloop) • Speel liggaamsbewegingspeletjies met u kind • Speel musiek en dans met die kinders • Voorsien groot en klein balle en moedig hulle aan om dit na u en na 'n teiken te skop en te gooi • Reël uitstappies na oop ruimtes of parke waar kinders vrylik en veilig kan hardloop • Voorsien toerusting om te balanseer, te klim en deur te hardloop • Speel vangspeletjies • Speel balspeletjies. 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuers en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
	<p>Klein spiere</p> <p>Peuters gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en</p> <ul style="list-style-type: none"> • begin om 'n skêr en ander instrumente met groter beheer te gebruik • stoot en trek speelgoed • gooï 'n groot bal • ryg groot krale in • bou 'n vyf- of sesbloktoring 	<p>Klein spiere</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bied baie aktiwiteite aan om die vingers en hande te gebruik om kompleksere aksies uit te voer, byvoorbeeld teken, verf, knip • Bied maklike legkaarte (tot ses stukke) en speletjies om oog-hand-koördinasie te ontwikkel. • Bied baie speletjies met balle en boontjiesakkies aan om gooï- en vangvaardighede te ontwikkel • Bied liedjies en rympies en dramatiese speletjies aan wat peuters aanmoedig om hulle hande en voete, tone en vingers en liggame te gebruik om ritmies te beweeg. • Voorsien klein toegedraaide voorwerpe en wys hoe om dit oop te maak en weer toe te draai • Voorsien klei, speeldeeg en modder om klein spiere te versterk • Speel klap- en bewegingspeletjies • Voorsien bouspeelgoed en materiaal vir boubedrywighede • Gebruik idees uit die volgende afdelings Vorder verder en Na graad R met kinders wat gereed is om meer gevorderde aktiwiteite te probeer 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuers en jong kinders	Voorbeelde van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
	<p>Vorder verder Jong kinders gaan voort om te ontwikkel soos in die twee vorige stadiumse.</p> <p>Groot spiere</p> <p>Jong kinders</p> <ul style="list-style-type: none"> • huppel en galop sowel as hardloop vinnig • spring agtertoe en vorentoe <p>Klein spiere</p> <p>Jong kinders</p> <ul style="list-style-type: none"> • gebruik 'n skêr om op 'n streep te sny • hou tekeninstrumente vaardig vas om vorms en mense te teken 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaan voort met die aktiwiteite en idees uit die vorige afdeling oor 'Begin' en 'Gaan voort' met al die kinders en veral met dié wat ontwikkelingsvertragings en gebreke ondervind. <p>Groot spiere</p> <ul style="list-style-type: none"> • Moedig kinders aan om eenvoudige passies in danse te volg • Maak eenvoudige hindernisbane met bokse, kussings, ens. • Vra kinders om met eenvoudige takies te help, voorwerpe op te lig of te stoot <p>Klein spiere</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voorsien rondepuntskêre en ou tydskrifte en koerante vir sny • Voorsien baie verskillende instrumente vir teken en verf • Voorsien klei en speeldeeg en modder om vingerspiere te versterk • Doen meer komplekse vingerrympies met die kinders 	
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en is in toenemende mate in staat om</p> <ul style="list-style-type: none"> • op komplekse en selfversekerde maniere te beweeg • reëls uit te dink om speletjies te speel • hulle vaardighede met groot en klein spiere (groot en fyn motoriese vaardighede) en waarnemingsontwikkeling te gebruik 	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bied aktiwiteite aan jong kinders wat ontwikkeling-'sponge'-ervaar voordat hulle met graad R begin deur uit die toepaslike dele van die KABV se Lewensvaardighede dokumente en idees vir Liggaamsopvoeding aktiwiteite te werk. 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
<p>5. Kinders bou 'n gevoel van aanpasbaarheid (om sterk te wees en weerstand te bied teen daaglikse spanning)</p>	<p>Begin</p> <p>Babas ontwikkel 'n gevoel van aanpasbaarheid wanneer hulle van geboorte af leer dat volwassenes rondom hulle</p> <ul style="list-style-type: none"> • hulle vertrou en liefhet, ongeag wat gebeur • aan hulle perke stel sodat hulle weet wanneer om op te hou voor daar gevaaar of moeilikheid is • hulle deur voorbeeld sal wys hoe om dinge reg te doen om onafhanklikheid te bevorder • hulle sal help wanneer hulle siek, in pyn, in gevaaar is of wanneer hulle moet leer 	<p>Begin</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voorsien onvoorwaardelike liefde aan elke baba • Toon liefde fisies sowel as met woorde deur die baba vas te hou, te wieg en te strelle en deur strelende woorde te gebruik om te sus of te troos • Moedig die ouer baba aan om haar met die hulp van 'n volwassene te kalmeer • Demonstreer gedrag wat selfvertroue, optimisme en goeie resultate kommunikeer • Erken en benoem die baba se gevoelens deur met die baba te praat en hom/haar sodoende vanaf geboorte aan te moedig om hom/haar eie gevoelens te herken en uit te druk en om gevoelens in ander te herken (byvoorbeeld hartseer, bly, jammer, gelukkig, kwaad, bang) • Balanseer die vryheid om ondersoek in te stel met veilige ondersteuning • Voorsien duidelike grense ('reëls') vir kinders se gedrag deur eenvoudige verduidelikings en gesprekke met die baba namate haar taal ontwikkel • Bied verduidelikings en versoening ná uitdagings van die grense en reëls wanneer taal ontwikkel; • Troos en moedig die baba aan in spanningsvolle situasies 	<p>Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se</p> <ul style="list-style-type: none"> • aanduiders van geluk • vlakte van vertroue in volwassenes • vlakte van onafhanklikheid vir die ouderdom en stadium. <p>Let op punte om op te reageer vir individuele babas, peuters en jong kinders wat risiko loop van spanning</p> <ul style="list-style-type: none"> • verbasend hoë vlakke van vrees wanneer hulle voor 'n situasie of persoon te staan kom wat as bekend beskou word • rusteloosheid en slapeloosheid as gevolg van traumatiese ondervindinge • uiterste klouerigheid • konstante gehuil en geneul (wanneer dit nie verband hou met 'n fisiese oorsaak soos siekte of besering nie) • hoë vlakke van angstigheid • onvermoë om te konsentreer saam met hoë vlakke van angstigheid

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuers en jong kinders	Voorbeelde van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite van die vorige stadium en ontwikkel 'n gevoel van aanpasbaarheid wanneer hulle uitvind dat hulle</p> <ul style="list-style-type: none"> • aangenaam en liefdevol is • daarvan hou om mooi dinge vir ander te doen en besorgdheid te toon • hulself en ander respekteer • bereid begin word om verantwoordelik te wees vir wat hulle doen • seker is dat alles sal regkom 	<p>Gaan voort</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaan te alle tye met al die kinders voort met al die aktiwiteite en idees uit die vorige afdeling oor 'Begin'. • Gaan voort om onvoorwaardelike liefde aan alle peuters te gee, selfs wanneer hulle die grense en reëls uitdaag • Gaan voort om duidelike verduidelikings vir reëls en grense te gee • Bevorder onafhanklike gedrag met ondersteuning vir elke peuter • Gaan voort om ewe veel respek vir elke kind te toon ongeag wie hulle is en ongeag hul ontwikkelingsvertragings-en -spronge. • Prys peuters wanneer hulle goeie dinge vir ander mense doen, byvoorbeeld help, wanneer hulle respektvol en goed gemanierd is volgens die kultuur van die gesin en buurt • Gebruik idees uit die volgende afdelings Vorder verder en Na graad R met kinders wat gereed is om meer gevorderde aanpasbare gedrag te probeer. 	
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite van die vorige stadium en ontwikkel 'n gevoel van aanpasbaarheid wanneer hulle leer dat hulle</p> <ul style="list-style-type: none"> • met ander kan praat oor dinge wat hulle bang maak of pla • begin maniere vind om probleme op te los waarvoor hulle staan kom • hulself kan begin beheers wanneer hulle iets wil doen wat nie reg is nie of gevaarlik is • kan weet wanneer dit 'n goeie tyd is om met iemand te praat of op te tree • iemand kan vind om hulle te help wanneer hulp nodig is 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaan te alle tye met al die kinders voort met al die aktiwiteite en idees uit die vorige afdelings oor 'Begin' en 'Gaan voort'. • Berei jong kinders voor op onaangename of ongunstige situasies (geleidelik, indien moontlik) deur met hulle te praat, boeke te lees, toneel te speel, ens. • Versterk elke jong kind se vermoë om teenstand te trotseer, byvoorbeeld <i>Ek weet jy kan dit doen</i> • Moedig onafhanklikheid en elke jong kind se geloof in haar eie probleem • oplossingsvaardighede aan • Herinner jong kinders aan die vertroulike en vertroostende verhoudings waarop staatgemaak kan word, byvoorbeeld <i>Ek is hier</i> 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuers en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breeë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig.
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en leer in toenemende mate</p> <ul style="list-style-type: none"> • dat reëls daar is en gehoorsaam moet word vir veiligheid en om saam te werk • om hulself te kalmeer • om gevoelens te herken en in woorde om te sit • om alternatiewe maniere te vind om probleme op te los • om veilig en selfversekerd ondersoek in te stel • om bereid te wees om meer inisiatief te neem • om hulself te vertrou 	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaan met al die kinders voort met die aktiwiteite en idees uit die vorige afdelings • Erken sterk punte in elke kind ('Ek het, ek is en ek kan') • Aanvaar foute en misluknings terwyl u hulp verleen om te verbeter • Toon empatie met die kinders en laat hulle weet dat hul gevoelens verstaan word • Help kinders om gevoelens in woorde uit te druk • Vra kinders of hulle aan alternatiewe maniere kan dink om take af te handel • Moedig onafhanklikheid aan • Toon liefdevolle ondersteuning 	

VROEË LEER-EN-ONTWIKKELINGSAREA TWEE: IDENTITEIT EN SAMEHORIGHEID

Die kind se stem



Ek moet 'n omgewing ervaar waar ek
'n sterk selfgevoel
ontwikkel, positiewe verhoudings
ondervind en verskille vier.

Wat is identiteit en samehorigheid?

Identiteit en samehorigheid het 'n noue verband met welstand. Dit behels persoonlike ontwikkeling, sosiale ontwikkeling, geborge verhoudings en om verskille te vier. Hoe sterker die kind se identiteit en gevoel van samehorigheid is, hoe meer aanpasbaar sal hy of sy wees.

- Identiteit hou verband met kinders se ontwikkeling van hulle selfgevoel.
 - Hulle maak sin van wie hulle is deur uit te vind oor wat hulle weet, wat hulle kan en nie kan doen nie.
 - Hulle bou idees van hulle belangstellings en vermoëns. Om bewusheid van hulle sterk punte en selfvertroue op te bou om hulself en hul wêreld te ken, moet hulle sosiaal ontwikkel.
 - Verhoudings met volwassenes (praktisyens, lede van die gesin en die gemeenskap) en ander kinders is belangrik om kinders te help om 'n selfgevoel op te bou.
- Samehorigheid hou verband met kinders se identiteit.
 - Wanneer kinders 'n sterk gevoel van samehorigheid het, dan het hulle versekerde verhoudings met volwassenes en/of gemeenskappe wat sekere waardes, tradisies en oortuigings het.
 - Dit gee hulle boodskappe van hoe hulle op ander mense vertrou om sin te maak van hulself.
 - 'n Gevoel van samehorigheid help hulle om te weet waar en by wie hulle hoort.

- Identiteit en samehorigheid hou verband met mekaar. Dit affekteer kinders se gesindheid teenoor hulself en ander. Hulle vorm ook beskouings oor gelykheid en verskille.
- Kinders se regte vorm die grondslag vir identiteit en samehorigheid. Elke kind het die reg op 'n naam, 'n gesin, verblyf, ensovoorts.
- Kinders met gestremdhede en spesiale behoeftes (inherent sowel as gevolg van die omgewing) het die reg om aandag te kry en moet ondersteun word om hulle in staat te stel om tot hulle volle potensiaal te ontwikkel en te leer.

Volwassenes moet aandag gee aan kinders se Identiteit en Gevoel van Samehorigheid

- gesindheid teenoor leer en selfvertroue om nuwe dinge te probeer – hulle opgewondenheid, belangstelling, eksperimente, nuuskierigheid en verkenning
- selfsorggevoel – hulle pogings om selfrespek te kry en aandag aan hulle eie higiëne en versorging
- verhoudings met ander – hulle vermoë om verhoudings te vorm en met ander te werk
- gevoel van samehorigheid – hulle vermoë om hulle eie behoeftes te respekteer en die verskille tussen ander se sienings, kulture en oortuigings wat hulle interaksies raak, te verstaan en te respekteer

Dit vorm alles die vier doelstellings vir die Vroeë Leer- en Ontwikkelingsarea – Identiteit en Samehorigheid.



Figuur 7 Werk met gesinne en hulle jong kinders om 'n sterk gevoel van identiteit en Samehorigheid te bevorder



Punte om oor na te dink

- Hoe beïnvloed die onmiddellike omgewing van die huis, gesin en vroeë kindersentrum, kinders se ontwikkeling van hulle selfgevoel en gevoel van samehorigheid?
- Hoe gebruik die vroeë kinderprogram ouers en gesinne as hulpbronne?

- Hoe help die program kinders om selfversekerd te voel oor hulle verkennings?
- Watter aspekte van die omgewing help kinders om te voel dat dit 'n plek is waaraan hulle behoort?
- Watter soorte geleenthede word gevier en hoe word dit gevier?

Doelstellings, ontwikkelingsriglyne, voorbeeld van aktiwiteite vir die bevordering van identiteit en samehorigheid

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialis aandag waar nodig
1. Kinders is bewus van hulself as bevoegde en selfversekerde leerders	<p>Begin</p> <p>Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> begin om van die self bewus te word deur taal (babageluidjies, babbel) verkenning en beweging begin om van hulself en ander bewus te word het 'n sterk dryfkrag om die onmiddellike omgewing te ondersoek 	<p>Begin</p> <ul style="list-style-type: none"> Moedig babas aan om hande te klap, hande uit te strek, te glimlag, te waai, na voorwerpe te wys en om te praat deur te koer en geluide te maak Speel raak en noem, byvoorbeeld wys na dele van die liggaam en benoem dit Sê babas se name, sê die name van ander mense gevvolg deur foto's van die ander persoon. Sit speelgoed/veilige voorwerpe 'n entjie vanaf die baba sodat hulle kan strek en dit verken. 	<p>Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om</p> <ul style="list-style-type: none"> hulle bewegings en hulle omgewing op hulle eie te verken nuuskierig en bewus van hulself en ander te raak verdiep te raak in aktiwiteite nuwe aktiwiteite te hanteer hulle eie prestasies en vaardighede te vier op 'n selfversekerde manier op volwassenes en portuurs te reageer oplettend te wees 'n taak uit te voer totdat dit afgehandel is hulle idees en skeppings met ander te deel

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialis aandag waar nodig
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters</p> <ul style="list-style-type: none"> • bou vaardighede, eienskappe, belangstellings en voorkeure wat hulle selfvertroue laat toeneem • ontwikkel nuuskierigheid oor mense, plekke en voorwerpe • leer oor hulself by volwassenes wat aandag vestig op sterk punte en gebiede vir verdere ontwikkeling 	<p>Gaan voort</p> <ul style="list-style-type: none"> • Luister na kinders en let op hulle spraak. Herformuleer wat hulle sê, byvoorbeeld wanneer 'n kind sê: <i>Ek bal</i>, reageer die volwassene met: <i>Wil jy 'n bal hê, Thandi?</i> • Laat kinders binne en buite die huis ruimte en voorwerpe verken met ondersteuning van volwassenes. Vestig hulle aandag op hulle omgewing en moedig gesprekke aan. • Voorsien geleenthede vir kinders om dinge te skep en aan take deel te neem. Die kinders gebruik byvoorbeeld speeldeeg om dinge te skep, 'n gesprek word aangemoedig en terugvoering word gegee. 	<p>Waak punte om op te reageer vir babas, peuters en jong kinders wat risiko loop</p> <ul style="list-style-type: none"> • geskiedenis van misbruik en/of verwaarloosing • wanfunksioneerende gesinsomgewing – swak ouerlike toesig en antisosiale gedrag • kinderspanning veroorsaak deur geweld, skeiding van primêre versorgers, siekte, aankoms van 'n nuwe baba en sterfte in die gesin • kommunikasieprobleme – nie in staat om idees te deel nie as gevolg van emosionele probleme • skaamheid – onwilligheid om op ander te reageer • swak interpersoonlike vaardighede – maak ander moedswillig seer, aggressief en sukkel om na regstellende terugvoer te luister
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders</p> <ul style="list-style-type: none"> • toon toenemende belangstelling en onafhanklikheid om die omgewing te verken • is bereid om met ander saam te werk vir hulp • is in staat om langer tydperke aan aktiwiteite te wy 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Moedig "alles oor my"-aktiwiteite aan deur tekeninge, foto's, gesprekke, gunstelingvoorwerpe te gebruik • Voer gesprekke oor wat hulle spesiaal laat voel en laat hulle die idees met ander deel • Voorsien hulle van ondervindinge wat hulle toelaat om hulle sterk punte en belangstellings te bespreek 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialis aandag waar nodig
	Na graad R Kinders gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en <ul style="list-style-type: none"> • reageer op ervarings en openbaar verskillende gevoelens in verskillende situasies • word bewus van hulle eie beskouings, gevoelens en begin om sensitiwiteit vir ander se behoeftes, beskouings en gevoelens te toon. • ontwikkel respek vir hulle eie kultuur en dié van ander deur ondersteuning 	Na graad R <ul style="list-style-type: none"> • Laat kinders deelneem aan aktiwiteite waar hulle verskillende gevoelens kan ervaar. Laat hulle hul gevoelens deur gesigsuitdrukings toon, laat hulle gevoelens by prent ikone pas. • Moedig kinders aan om saam te werk in aktiwiteite waarin hulle op mekaar staatmaak, byvoorbeeld wegkruipertjie. • Verduidelik waarom party kinders meer ondersteuning nodig sal hé wanneer hulle ontsteld voel. • Nooi mense uit die gemeenskap om op 'n ontwikkelingsgepaste manier vir kinders stories te vertel oor aspekte van hulle lewens en hulle kultuuragtgrond. 	
2. Kinders het 'n sterk selfsorggevoel	Begin Babas <ul style="list-style-type: none"> • raak bewus van voedingsroetines wat deur volwassenes vasgestel word • kan honger, dors of ongemak kommunikeer • toon bewustheid van behoeftes en gebruik gebare om behoeftes aan te duif, byvoorbeeld wys na kos 	Begin <ul style="list-style-type: none"> • Neem babas waar en reageer op hulle gedrag wat sensoriese ondervindinge toelaat, byvoorbeeld raak aan die pap, hou die bottel of beker vas. • Laat babas toe om geleidelik 'n mate van beheer oor hulle voeding oor te neem. Voorsien geleenthede om te ruik, te proe, aan te raak, uit te strek en te gryp. • Moedig babas se pogings aan om dinge self te doen, byvoorbeeld om 'n speelding in 'n doos te sit. 	Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om <ul style="list-style-type: none"> • hulle behoeftes aan te duif • bewus te raak van roetines • deel te neem aan roetines • 'n verskeidenheid liggaamstaal en woorde te gebruik om hulle voorkeure en afkeure aan te duif • dinge onafhanklik en met ondersteuning te doen • groter aanpassing by die roetines te toon • hulle prestasies te vier
	Gaan voort Peuters <ul style="list-style-type: none"> • wil aan roetines deelneem, byvoorbeeld om deftig aan te trek en skoon te maak • gebruik spraak en gebare om voorkeure en afkeure aan te duif • is bereid om dinge alleen te doen met die gevoel dat volwassenes naby is om hulle te ondersteun 	Gaan voort <ul style="list-style-type: none"> • Plaas items waarop kinders moet reageer waar hulle dit kan sien, byvoorbeeld 'n trui wat gedra moet word. • Moedig kinders aan om oor hulle voorkeure en afkeure te praat. Gebruik prente of voorwerpe wat hulle toelaat om dit uit te druk. • Prys kinders wanneer hulle iets goed doen, byvoorbeeld wanneer hulle hulp vra wanneer hulle neus loop. Speel speletjies soos <i>Mooi so! – Mooi so vir Rehana wat haar skoene sonder hulp aangetrek het.</i> 	Waak punte om op te reageer vir individuele peuters en jong kinders wat risiko loop <ul style="list-style-type: none"> • Gesinsomstandighede <ul style="list-style-type: none"> – ekonomiese situasie, weeskinders, primêre versorgers se vermoë om toesig te hou oor baie jong kinders, disorganisasie, posisie van die kind in die gesin, bv. om die enigste kind of die jongste kind te wees kan afhanglike gedrag aanmoedig • Vrees en angs – kinders kan angstig raak oor deelname aan enige aktiwiteit wat nuut is en eniglets vereis wat hulle moet doen om vir hulself te sorg

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialis aandag waar nodig
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en</p> <ul style="list-style-type: none"> • word meer aanpasbaar om persoonlike higiëne te leer, byvoorbeeld handewas gedurende die toiletroetines • neem inisiatiewe en is trots daarop om doelwitte vir selfsorg te bereik – aantrek, was, skoonmaak • is trots daarop om onafhanklik te werk, te eksperimenteer en wanneer nodig hulp te vra 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Laat kinders liedjies en rympies sing om gedrag vir selfsorg en higiëne te versterk, byvoorbeeld <i>Dis wegpaktyd</i>. • Beloon kinders wat hulle doelwitte bereik deur aandag op hulle goeie gedrag te vestig. • Skep voorspelbare roetines. Vra kinders <i>Wat kom volgende?</i> Ondersteun hulle in hulle poging om hulle persoonlike behoeftes en hulpbronne te hanter. 	
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en</p> <ul style="list-style-type: none"> • funksioneer onafhanklik en toon meer selfvertroue wanneer ondersteuning en hulp gevra word wanneer nodig • trek onafhanklik aan en uit en behartig persoonlike higiëne • kies en gebruik self aktiwiteite en hulpbronne 	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> • Laat kinders toe om self te probeer voor hulp aangebied word • Skep 'n atmosfeer waarin kinders se suksesse gewaardeer word • Moedig 'n gesindheid van probleemoplossing aan. Help kinders deur hulle van stappe/ wenke te voorsien om hulle probleme op te los. • Voorsien kinders van pligte en verduidelik hulle verantwoordelikhede duidelik deur mondelinge instruksies en deur middel van 'n pligte-/ helperkaart. • Beloon en prys kinders vir take wat hulle onafhanklik en suksesvol uitvoer 	
<p>3. Kinders bou sterk verhoudings</p>	<p>Begin</p> <p>Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> • is sosiale wesens en geniet dit meestal om by ander te wees • toon gehegtheid aan dié met wie hulle die meeste van hulle tyd bestee • bou verhoudings deur aandag te soek, kontak te maak en interaksie met ander te hê 	<p>Begin</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik klank en aksies om met babas te konnekteer. Speel sosiale en nabootsspeletjes enveral inheemse speletjies • Bied geleenthede vir babas om met ouer kinders te wees en om hulle dop te hou en na hulle te luister • Maak 'n kaart van daagliks roetines waar babas prente van babas en kinders kan sien wat kontak maak en interaksie het. Gebruik dit as 'n besprekingsinstrument 	<p>Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om</p> <ul style="list-style-type: none"> • daarop te reageer om by ander te wees • met ander kontak te maak deur middel van 'n verskeidenheid maniere, byvoorbeeld gebare, spraak, bewegings • by ander van hulself te leer • hulle sosiale vaardighede te ontwikkel wanneer hulle by volwassenes en kinders is (bv. luister, beurte neem) • hulle ondervindinge met ander te deel • vriendskappe te bou • vertroue, selfbeheersing en aanpassing van gedrag te toon in verskillende situasies en roetines

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialis aandag waar nodig
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en</p> <ul style="list-style-type: none"> • leer by ander oor hulle eie vermoëns en gebiede vir ontwikkeling • verbeter sosiale vaardighede deur met volwassenes en kinders te praat en in hulle geselskap te wees • soek daadwerklik die geselskap van ander op om ondervindinge te deel 	<p>Gaan voort</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik gesprekke, prente van situasies en stories om oor verskillende verhoudings te praat • Laat kinders toe om met verskillende rolle te eksperimenteer – aktief, passief, leierskap, weerstand. Laat hulle oor hulle ondervindinge praat • Skep ruimtes waar kinders hulle idees kan deel, byvoorbeeld sirkeltyd/ringe. 	<p>Waak punte om op te reageer vir individuele peuters en jong kinders wat risiko loop</p> <ul style="list-style-type: none"> • Swak verbale en nie-verbale kommunikasievaardighede • Swak konflikhantering – reageer met woedebuie • Vernietig eie besittings en dié van ander • Sukkel om samewerkingsvaardighede te ontwikkel, byvoorbeeld deel nie speelgoed en ander hulpbronne met portuurs nie • Gebrek aan besorgdheid oor ander se gevoelens – kan ander nie help nie • Sukkel om hulp of inligting te vra • Boots negatiewe gedrag van portuurs na eerder as om positiewe gedragskeuses te maak
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en</p> <ul style="list-style-type: none"> • werk daarvan om vriendskappe te bou • openbaar 'n gevoel van vertroue • is meer inskiklik, toon selfbeheersing en kan gedrag aanpas om by verskillende roetines en situasies te pas 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik aktiwiteite waar kinders in hulle vriendegroepe geplaas kan word. Laat hulle toe om die rol van leier, helper, ens. te neem. • Stel leersentrus op wat kinders toelaat om groepdinamika te hanteer – speel in pare/groepe en beheer konflik. • Stel roetines vas en voorospelbare opeenvolging van gebeurtenisse 	
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en</p> <ul style="list-style-type: none"> • vorm verhoudings met volwassenes en portuurs • werk saam met ander, neem beurt en deel • volg eenvoudige reëls om met ander saam te werk • begin 'n gedragskode vir spesifieke situasies verstaan 	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaan voort om voorospelbare roetines te hê. • Ontwerp roetines waar kinders geleenthede sal hê om met 'n verskeidenheid ander kinders te speel. • Skep geleenthede waar kinders ander vir inligting of hulp sal moet vra • Waarsku kinders wanneer daar 'n verandering is van aktiwiteit, hulle verhouding met ander en hoe om hulself te beheer, byvoorbeeld verander van binnespel na toiletroetine, storie na huis-toe-gaan-tyd. 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialis aandag waar nodig
4. Kinders het 'n gevoel van groepidentiteit en 'n gevoel om verskille te vier	<p>Begin</p> <p>Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> toon bewustheid van iets anders in hulle omgewing toon opgewondenheid of vrees oor iets of iemand wat anders is en soek ondersteuning en troos van volwassenes toon begrip dat klanke sowel as aksies mense raak 	<p>Begin</p> <ul style="list-style-type: none"> Praat met babas oor verskillende plekke (binne en buite) en mense wat hulle ken Vertel babas iets oor mense wat hulle ken, byvoorbeeld <i>Brandon hou daarvan om saam met jou karretjies te speel</i> Voorsien babas van geleenthede om verskillende soorte mense gedurende verskillende tye van die dag te sien – in 'n groep kan daar tye wees wanneer die babas en jong kinders saam met ouer kinders is 	<p>Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om</p> <ul style="list-style-type: none"> te toon dat hulle bewus is van verskillende dinge in hulle omgewing emosies gedurende aktiwiteite te openbaar klanke, aksies en gebeurtenisse te verstaan te toon dat hulle ooreenkoms en verskille verstaan te toon dat hulle bewus is van hulself ten opsigte van verskillende dele van hulle lewe en hulle kulturele verbintenis respekteer diegene wat anders is as hulle en aan aktiwiteite deel te neem wat verskille verwelkom
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite van die vorige stadium en ontwikkel 'n gevoel van aanpasbaarheid wanneer hulle leer dat hulle</p> <ul style="list-style-type: none"> aangenaam en liefdevol bly is om goed vir ander te doen en toon besorgdheid respekteer hulself en ander begin om bereid te wees om verantwoordelikheid te aanvaar. Verseker wees dat alles sal reg verloop 	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite van die vorige stadium en ontwikkel 'n gevoel van aanpasbaarheid wanneer hulle leer dat hulle</p> <ul style="list-style-type: none"> aangenaam en liefdevol bly is om goed vir ander te doen en toon besorgdheid respekteer hulself en ander begin om bereid te wees om verantwoordelikheid te aanvaar. Verseker wees dat alles sal reg verloop 	<p>Let op punte om op te reageer vir individuele peuters en jong kinders wat risiko loop</p> <ul style="list-style-type: none"> Gesinspersepsies van mense wat anders is as hulle Kinderspanning wat veroorsaak word deur diegene wat fisies anders lyk Swak sosiale integrasievaardighede – wil nie met kinders speel wat anders is as hulle nie Bly weg van aktiwiteite wat integrasie met portuurs uit verskillende kulture, geslagte, vermoëns, ens. behels Bevooroordeelde gedrag – rassistiese kommentaar, afknouery en agressie teenoor dié wat anders is.
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite uit die vorige stadium en</p> <ul style="list-style-type: none"> kan verbintenis maak tussen verskillende dele van hulle lewensondervindinge neem deel aan gepaste rituele en gebruikte is bewus van taalkundige, kulturele en godsdienstige verskille 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> Erken en vier gebeurtenisse soos, byvoorbeeld, verjaarsdae, Kersfees, Diwali, Eid, Ramadan, Rosh Hashanah en Paasfees. Skep verskillende geleenthede waar kinders kan gesels, luister en deur ander aangehoor word oor wat hulle spesiaal maak en van hulle portuur laat verskil. Teken volgorde van gebeurtenisse oor gesinne of persoonlike geskiedenisse aan uit klere, foto's en speelgoed. 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialis aandag waar nodig
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders gaan voort met die behoeftes en aktiwiteite van die vorige stadium en :</p> <ul style="list-style-type: none"> • verbind met verskillende aspekte van hulle lewenservarings (byvoorbeeld, huis, sentrum, geloof) • is gemaklik met wie hulle is • verstaan dat verskille bestaan en dat dit gerespekteer moet word 	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> • Help kinders om hulle kulturele oortuigings en geloof op 'n positiewe wyse te ervaar. • Moedig kinders aan om ooreenkomsste en verskille te praat. Gebruik stories en gee redes. • Laat kinders dink en gesels oor wie soos hulle is en wie anders is. • Ontwikkel 'n anti-bevooroordelheidbenadering om kinders te help om te leer van ras, geslagsidentiteit en vermoëns. 	

VROEË LEER- EN ONTWIKKELINGSAREA DRIE: KOMMUNIKASIE

Die kind se stem



Ek moet 'n omgewing ervaar waar ek leer om aandagtig te kan luister, openhartig te kan praat, leer om lief te raak vir boeke, stories en lees, opneem en skryf, en om voor te berei vir formele lees en skryf soos ek groei en ontwikkel.

Waарoor gaan Kommunikasie?

Die meeste kinders word gebore met die vermoë om te kommunikeer. Pasgebore babas maak hulle behoeftes bekend deur te huil en volwassenes luister daarna en reageer daarop. Reaksies bou vertroue en 'n gevoel van samehorigheid by die pasgebore baba.

Kommunikasie is baie belangrik om 'n sterk welstandsgevoel te bou, 'n sterk identiteit en samehorigheidsgevoel te bou, om wiskunde en die kreatiewe prosesse te verken en betekenis daaruit te haal, en vir kennis en begrip van die wêreld.

Die meeste kinders is sosiale wesens wat graag hulle gedagtes, gevoelens en ervarings deel. Dit doen hulle deur te kommunikeer met, byvoorbeeld, gebare, liggaamstaal, deur te murmel, babbel, praat, luister, dink en te begryp. Ons almal verkry betekenis uit ons ervarings deur kommunikasie.

Verbale en nie-verbale kommunikasie (en geassisteerde kommunikasie vir kinders met spesiale kommunikasiebehoeftes) is uiters belangrik.

Kinders gebruik baie maniere om te kommunikeer wat verder as woorde, frases en sinne strek. Kommunikasiemetodes sluit dans, musiek, kuns, prente, sang, liggaamsbewegings en kreatiewe spel in. Al hierdie metodes word gebruik om ervarings te deel, oor ervarings na te dink en om die wêreld en nuwe idees te verken. Begrip van die wêreld groei soos kinders se kommunikasie meer ontwikkel en kompleks raak.

Die meeste kinders leer om deur taal te kommunikeer deur eers te luister en te kyk, te voel en te ervaar, en daarna te eksperimenteer deur woorde en frases te sê. Babas luister en kyk na lip bewegings en gesigsuitdrukings.

Kinders wat 'n stewige grondslag in hulle moedertaal ontvang, kan nuwe idees en woorde beter aanleer. Hulle gebruik hulle moedertaal om hulle sin van identiteit te ontwikkel en vir konsepsuele ontwikkeling.

Jong kinders leer om te kommunikeer deur die volgende:

- Luister na die klanke van die wêreld en na ander mense, en veral volwassenes. Hulle hoor die klanke en die musiek van die klanke (hoog en laag, sag en hard, stadig en vinnig, mooi en skiel). Hulle haal betekenis uit die klanke. Kinders met gehoorprobleme luister deur visuele taal en visuele aanduidings waar te neem.
- Praat deur betekenisvolle klanke aan ander te maak as pasgeborenes (huil vir honger, koud, nat), dan babas (murmel, lag, huil, boots klanke na), peuters (sê en probeer woorde en sinne) en as jong kinders (praat in sinne). Hulle boots die klanke en daarna die woorde en sinne wat hulle hoor, na. Hulle boots ook die wyse waarop die woorde en sinne uitgespreek word, na (byvoorbeeld, saggies uitgespreek of geskree). Sommige kinders praat deur handgebare en volwassenes wat vir hulle sorg moet leer om só te kommunikeer.
- "Lees" en sin van ander mense se taal, stemtoon en liggaamstaal. Peuters en jong kinders sal dalk later ook sien dat tekeninge en geskrewe simbole ook betekenis dra. Hulle sal oor hulle eie tekeninge wil praat en praat oor wat hulle in prente en in ander kinders se tekeninge sien.
- "Skryf" - peuters en jong kinders teken en maak merke, wat help om sin van hulle ervarings te maak. Kinders kan geleidelik formele skrif, soos hulle eie name, herken.
- Die proses van vroeë geletterdheid begin by geboorte en word ondersteun deur gesinne en VKO-praktisyns, wat help om die grondslag te lê vir die formele onderrig van lees en skryf wat sal plaasvind as die kind met Graad 1 begin.

Volwassenes moet aandag skenk aan kinders se kommunikasievaardighede

Kinders se regte vorm die basis van alle kommunikasie: die reg om gehoor te word, die reg om te praat, die reg om in hulle huistaal te kommunikeer.

Kinders met gestremdhede en spesiale behoeftes het die reg om aandag te ontvang en moet ondersteun word sodat hulle tot hulle volle potensiaal kan ontwikkel, kommunikeer en leer. Ten einde alle kinders op 'n gelykevlak te laat deelneem, moet hulle doeltreffend kan kommunikeer op 'n wyse wat die beste by hulle spesifieke leerbehoeftes, bv gebaretaal

Ten einde kinders te help om goede kommunikeerders te word, moet volwassenes leer om na kinders te luister, interpreteer wat hulle kommunikeer en met goede taalgebruik antwoord (nie "babataal" nie). Kinders benodig volwassenes as rolmodelle van goede kommunikasie. Dit help hulle om hulle kommunikasievaardighede deur nabootsing te versterk.

Volwassenes moet bewus wees van hulle liggaamstaal en die boodskappe wat hulle gesigsuitdrukkings, bewegings en gedrag aan babas, peuters en jong kinders gee.

Volwassenes moet ook met jong kinders praat, vir hulle sing en lees, en na hulle luister om hulle te ondersteun soos hulle leer om te praat en te luister, en later om te lees en te skryf.



Figuur 8 Werk met gesinne en hulle jong kinders om kommunikasie te bevorder

Punte om oor na te dink

- Hoe beïnvloed die onmiddellike omgewing van die huis, gesin en vroeë kinderjareprogram kinders se vermoëns om op 'n positiewe wyse te kommunikeer?
- Hoe beïnvloed die onmiddellike omgewing van die huis, gesin en vroeë kinderjareprogram kinders se vermoëns om op 'n negatiewe wyse te kommunikeer?
- Hoe kan daar op die positiewe aspekte gebou word as geleenthede en hulpbronne om kinders te help om hulle vermoëns om te kommunikeer in elkeen van die velde in die diagram hierbo te bou?
- Hoe kan die negatiewe aspekte verminder word?

Doelstellings, ontwikkelingsriglyne, voorbeeld van aktiwiteite om kommunikasie te bevorder

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
1. Kinders luister na klanke en spraak verhoudings	<p>Begin</p> <p>Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> begin hoor vanaf ongeveer 25 weke binne die baarmoeder reageer vanaf geboorte op stemme begin luister wanneer daar direk met hulle gepraat word begin om begrip van verskeie woorde te toon, insluitend "nee" boots volwassene gesprekke na deur te babbel toon groot belangstelling in verskillende klanke en woorde geniet klankspeletjies, ritme en toonhoogte (hoog, laag) en eenvoudige melodieë. 	<p>Begin</p> <p>Werk en speel individueel met elke baba:</p> <ul style="list-style-type: none"> roep die baba se naam en praat met hom/haar deur van sy/haar eie naam gebruik te maak praat duidelik en maak oogkontak gebruik ritmiese gewieg, praat en sang herhaal klanke en woorde om die beurt spelenderwys help die baba om handgebare te maak, byvoorbeeld om te waai of handjies te klap praat tydens alledaagse aktiwiteite en benoem voorwerpe, kos, klere, diere, ens. 	<p>Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om</p> <ul style="list-style-type: none"> vanaf geboorte op harde klanke te reageer deur klanke na te boots te identifiseer waar klanke vandaan kom tipes klanke te identifiseer mondelinge instruksies te volg te konsentreer op stories wat vertel word duidelik te praat

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breeë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters</p> <ul style="list-style-type: none"> gee aandag as daar met hulle gepraat word en verstaan wat in gesprekke gesê word luister baie graag na stories luister en boots klanke na wat hulle in hulle omgewing hoor geniet om speletjies met klanke te speel volg mondelinge instruksies vra vrae en wil antwoorde hoor 	<p>Gaan voort</p> <ul style="list-style-type: none"> Praat en luister en voer gesprekke Bekendstelling van nuwe woorde en demonstreer wat dit beteken deur aksies en voorwerpe. Gee instruksies en lof wanneer dit uitgevoer word. Stel geleidelik twee of drie instruksies bekend as die kind dit kan aanpak. Beantwoord vrae opreg. Vra opvolgvrae en moedig kinders aan om meer oor kwessies te dink Vertel stories uit die verlede oor sake waarin die kinders belangstel. 	<p>Waakpunte wat optrede vereis vir individuele babas, peuters en jong kinders met 'n risiko van gehoorverlies</p> <ul style="list-style-type: none"> draai nie kop of let op as klanke naby gemaak word nie luister na die TV teen hoër geluidsterkte as ander kinders vra dat instruksies herhaal moet word aandag word maklik afgelei of word gepla deur agtergrondgeraas sukkel om tussen klanke te onderskei sukkel om op te let toon gedragsprobleme - "luister nie" kla dat dit moeilik is om te hoor of dat ore verstopt is ly aan oorpyn as gevolg van siekte of verstoppings reageer ontoepaslik op vrae mense moet harder praat om kind se aandag te trek hou die spreker se gesig noukeurig dop om te probeer verstaan wat die persoon sê draai kop na die oorsprong van die klank praat te sag of te hard
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders</p> <ul style="list-style-type: none"> onthou stories wat hulle gehoor het identifiseer 'n groot verskeidenheid klanke hou aan om met genot vir nuwe woorde te luister geniet al meer ingewikkeldes liedjies en rympies geniet snaakse woorde luister aandagtig 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> Gebruik aktiwiteite waar kinders in hul vriendskapsgroepe geplaas kan word. Laat hulle toe om die rol van leiers en helpers ens. te aanvaar Stel leersentrums op wat kinders sal toelaat om groepdinamika te hantere-spel in pare/groepe en hoe om konflik te hanter. Instelling van roetines en voorspelbare opeenvolging van gebeurtenisse 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	<p>Na graad R</p> <p>Jong kinders hou aan om</p> <ul style="list-style-type: none"> • met konsentrasie na stories te luister • na ritmiese patronen te luister en dit te herhaal • na eenvoudige woordvolgorde te luister en dit in volgorde te herroep, byvoorbeeld, bal, byl, bul • ingewikkelde instruksies uit te voer • na ander te luister, aan gesprekke deel te neem en vrae te vra • woorde in polisillabiese lettergrepe op te breek, byvoorbeeld, "Boipatong", "Khayalitsha" • mondeline sinne in individuele woorde op te breek, byvoorbeeld, <i>"Ek kan die kar sien wat in die straat ry."</i> • eerste klinkers en konsonante van gesproke woorde te herken 	<p>Na graad R</p> <p>Hou aan om die volgende aan kinders te bied soos hulle dit nodig kry en belangstelling daarin toon:</p> <ul style="list-style-type: none"> • baie en meer ingewikkelde stories • liedjies en rympies en woordspeletjies • klanke van woorde en beginwoorde en -lettergrepe • woorde in sinne • maak speletjies uit ingewikkelde instruksies soos <i>Gaan na die kas, maak die deur oop, gaan haal die skêr, loop na die tafel, gaan sit en sny jou prentjie uit.</i> 	
<p>2.</p> <p>Kinders praat deur verskillende style van kommunikasie te gebruik</p>	<p>Begin</p> <p>Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> • kommunikeer behoeftes deur te huil en ledemate te beweeg (liggaamstaal) • reageer op gebare met gebare • kyk na gesigte, reageer en glimlag • babbel vir hulself met veranderings in toonhoogte en volume • begin om eenvoudige woorde te sê en om twee tot drie woorde saam te sit • hou van eenvoudige rympies en liedjies • begin om woorde te sing 	<p>Begin</p> <ul style="list-style-type: none"> • Praat ritmies en saggies • Gebruik gebare om idees en betekenis te demonstreer • Vertolk in woorde wat die baba sê deur sy/haar gehuil, gemurmel, gelag en liggaamstaal, byvoorbeeld, <i>Ek kan sien dat jy honger is. Kom ons voer jou.</i> • Herhaal woorde en frases, byvoorbeeld, <i>spring, spring, spring!</i> • Sing en maak rympies dikwels elke dag. 	<p>Waarneem en bespreek met ouer babas, peuters en jong kinders se vermoë om</p> <ul style="list-style-type: none"> • interaksie met klanke, en toenemend met woorde en sinne, • klanke en woorde na te boots • vrae te vra • meer ingewikkelde taal te gebruik • sing en rympies te maak

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breeë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	Gaan voort Peuters <ul style="list-style-type: none"> gebruik tot 50 woorde herken meer woorde as wat hulle kan sê sit twee of drie woorde saam gebruik persoonlike voornaamwoorde, byvoorbeeld, "my", "myne" voer eenvoudige gesprekke, praat etlike enkele woorde teen 18 maande gebruik frases van 2 - 3 woorde, en meer, teen 2 jaar 	Gaan voort <ul style="list-style-type: none"> Gebruik korrekte woordeskat wanneer daar met peuters gepraat word Herhaal wat peuters sê om te wys dat u hulle verstaan en waardeer Wees 'n voorbeeld van goeie praatmaniere Stel nuwe woorde en idees bekend Speel taalspeletjies. 	Waakpunte wat optrede vereis vir individuele babas, peuters en jong kinders met 'n risiko van spraakprobleme <ul style="list-style-type: none"> 'n Kind met 'n spraakprobleem sukkel om klanke voort te bring, byvoorbeeld, lispel, hakkel, sekere klanke 'n Kind met 'n taalprobleem sukkel om woorde te begryp of saam te sit om idees uit te druk en, byvoorbeeld, <ul style="list-style-type: none"> - te verstaan wat ander mense gesê het - sukkel om mondelinge aanwysings te volg - sukkel om hulle gedagtes agtermekaar te kry
	Vorder verder Jong kinders <ul style="list-style-type: none"> praat in volsinne neem beurte in gesprekke praat duidelik genoeg sodat selfs diegene wat nie die kind ken nie dit kan verstaan geniet taalspeletjies en rympies praat in ingewikkelde sinne, gebruik grammatika en woorde reg en leer elke dag baie nuwe begrippe en woorde praat sinne van meer as vyf woorde gebruik die toekomende tyd vertel langer stories en verbeeldingryke stories het 'n woordeskat van ongeveer 2000 woorde toon meeste van die onderstaande vaardighede 	Vorder verder <ul style="list-style-type: none"> Hou aan met al die bestaande aktiwiteite Betrek kinders by gesprekke, wanneer moontlik Moedig kinders aan om met nuwe woorde te eksperimenteer Stel elke dag nuwe woorde en idees deur nuwe ervarings vir die kinders bekend, dalk deur temas te gebruik, byvoorbeeld, "Insekte", "Die Weer" Vertel baie tradisionele stories, wat kinders in staat stel om hulle verbeelding te gebruik. 	
	Na graad R Jong kinders hou aan om <ul style="list-style-type: none"> belang te stel om rymwoorde te vind in wat hulle en ander sê, sowel as in rympies en liedjies, byvoorbeeld, <i>daar spring die kat in die bad</i> die verlede, teenwoordige en toekomende tyd te gebruik elke dag baie nuwe woorde te leer 	Na graad R Jong kinders hou aan om <ul style="list-style-type: none"> belang te stel om rymwoorde te vind in wat hulle en ander sê, sowel as in rympies en liedjies, byvoorbeeld, <i>daar spring die kat in die bad</i> die verlede, teenwoordige en toekomende tyd te gebruik elke dag baie nuwe woorde te leer 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
<p>3. Kinders maak betekenis deur te "lees" wat hulle sien, hoor, voel, proe en aanraak.</p>	<p>Begin Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> maak betekenis van wat hulle ervaar deur hulle eie sintuie - hulle "lees" die situasie "lees" prenteboeke sodra hulle kan sit en dit kan vashou "lees" beelde in omgewingsdruk, byvoorbeeld, foto's van mense, voorwerpe. 	<p>Begin</p> <ul style="list-style-type: none"> Wees vanaf die geboorte bewus van liggaamstaal, veral gesigsuitdrukings en stemtoon wanneer u met babas praat. Sodra babas hulle koppe regop kan hou en fokus, wys baie prentjies aan hulle - veral prentjies van mense se gesigte. Demonstreer lees en moedig babas aan om boeke te hanteer. Wys beelde en woordle in boeke en in die omgewing uit. 	<p>Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om</p> <ul style="list-style-type: none"> op voorwerpe te fokus belangstelling te toon in prentjies en prenteboeke prentjies te interpreteer hulle eie sensoriese ervarings te vertolk in geskrewe woorde en stories belang te stel enkele woorde te identifiseer, soos hulle eie naam in die hantering en lees van boeke belang te stel
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters</p> <ul style="list-style-type: none"> hou aan om boeke en omgewingsdruk te "lees" herken dat skrif van prentjies verskil begin om te besef dat lees van die bokant na die onderkant en links na regs beweeg 	<p>Gaan voort</p> <p>hou aan om</p> <ul style="list-style-type: none"> boeke en omgewingsdruk te lees terwyl u lees, wys uit dat ons van links na regs lees wys na en benoem vorms en kleure, en praat oor prentjies skryf die peuters se woorde neer wanneer hulle praat oor die prentjies wat hulle gemaak het 	<p>Waakpunte wat optrede vereis vir individuele babas, peuters en jong kinders met 'n risiko van "lees"-probleme</p> <ul style="list-style-type: none"> maak teen drie maande oud nie oogkontak met u nie kyk teen drie maande nie na of volg nie 'n voorwerp met hulle oë nie wasigheid of witterige voorkoms in die pupil gereelde "ronddrywende" of "rukkerige" oogbewegings oë is uit lyn uit (een oog draai weg of die oë trek skeel) draai of hou die kop skuins wanneer daar na voorwerpe gekyk word Kyk deur skrefiesoë, maak een oog toe of bedek dit wanneer daar na voorwerpe gekyk word oormatige gevryf of aanraking van die oë vermy of is sensitief vir helder ligte
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders</p> <ul style="list-style-type: none"> begin om na individuele woorde en prente te wys herken voorwerpe in prentjies en wys dit uit Merk woorde in die omgewing op, byvoorbeeld STOP-tekens, advertensieborde 	<p>Vorder verder</p> <p>hou aan om</p> <ul style="list-style-type: none"> boeke en omgewingsdruk te lees terwyl u lees uit te wys dat lees begin bo aan die linkerkant na vorms, kleure ens. te wys en moedig gesprekke daaroor aan skryf die peuters se woorde neer wanneer hulle vertel van die prentjies wat hulle gemaak het. 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	Na graad R <ul style="list-style-type: none"> • Kinders hou aan om • 'n stel prentjies op so 'n wyse te rangskik dat dit 'n storie vorm • prentjies te vertolk, byvoorbeeld, maak eie storie en "lees" die prentjies • die boek met die regte kant na bo te hou en blaai korrek om • om kamma te lees en gebruik 'n "leesstem" • eie geskrewe naam en ander se name te herken • Herken baie algemene woorde wat in die omgewing gesien word, byvoorbeeld, deur, kas. 	Na graad R <p>Hou aan om</p> <ul style="list-style-type: none"> • stories uit prenteboeke te lees • demonstreer goeie boek • hanteringsgewoontes • dele van die boek te wys, byvoorbeeld, rug, buiteblaai, titel, bladsy nommers 	
4. Kinders dokumenteer hulle ervarings en idees deur taal, klanke, kuns, drama en spel, en later, "skrif".	Begin Babas <ul style="list-style-type: none"> • maak klanke om hulle ervarings te kommunikeer, byvoorbeeld, huil, lag • maak merke met vetkryte en vingers op papier en sand (krabbel) • begin om die krabbels te benoem 	Begin <p>Bied babas aktiwiteite om op hulle ervarings te reageer</p> <ul style="list-style-type: none"> • met gebruik van woorde, byvoorbeeld, reageer op ervarings met woorde • met beeldende kuns-aktiwiteite, byvoorbeeld, gekrabbel en praat oor die krabbels • Uitvoerende kuns-aktiwiteite, byvoorbeeld liedjies en rympies en beeld ervarings uit deur beweging en drama (kammaspel) 	Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om <ul style="list-style-type: none"> • oor hulle ervarings te praat • "kamma"-speletjies op hulle eie te speel, en met ander soos hulle groei • gereedskap te gebruik om hulle ervarings te teken of te skilder en daaroor te praat • belang te stel in die teken van letters en om hulle eie naam en enkele eenvoudige woorde te skryf



Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters begin om oor hulle ervarings na te dink deur</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor hulle ervarings te praat, byvoorbeeld "Ek hou van..." • hulle ervarings in kammaspel uit tebeeld • sirkels, gesigte en mensfigure te teken terwyl hulle die figure benoem, byvoorbeeld as ma of as self • voorwerpe om hulle waarmee hulle interaksies gehad het te teken, byvoorbeeld balle • Te krabbel en van die gekrabbel "skrif" te noem wat hulle hardop kan "lees" 	<p>Gaan voort</p> <p>Gee peuters aktiwiteite soos</p> <ul style="list-style-type: none"> • om oor hulle ervarings te praat deur vrae te vra soos <i>Waaroor gaan hierdie tekening?; Vertel my bietjie hiervan? Waarvan het jy die meeste gehou?</i> • om met groot waskryte op papier en met vingers in 'n sandput te teken, en daarna oor die tekeninge te praat • om hulle name op hulle werk te "skryf" • om liedjies met letters te sing, byvoorbeeld "kokosneut" wat met liggaamsbeweging gemaak word 	<p>Waak punte om op te reageer vir individuele peuters en jong kinders wat risiko loop</p> <ul style="list-style-type: none"> • stel nie daarin belang of is nie in staat om taal te gebruik om ervarings te beskryf nie • stel nie daarin belang of is nie in staat om in kammaspel oor ervarings verslag te doen nie • kan nie skryfgereedskap soos vetkryte en potlode vasvat nie • sukkel om prentjies te teken, vorms te vorm en later, om letters in eie naam te skryf • teken besonder stadig en met baie moeite • gebruik 'n lomp potloodgreep
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders</p> <ul style="list-style-type: none"> • hou aan met die nadink-, verslagdoen- en skryfprosesse wat hulle as babas en peuters begin het • begin om letters te skryf of te teken • begin om die letters te benoem • vra dat hulle stories neergeskryf word 	<p>Vorder verder</p> <p>Hou aan om</p> <ul style="list-style-type: none"> • die storie wat 'n kind oor sy/haar eie kunswerk vertel neer te skryf (gewoonlik 'n sin of twee) • stories oor elke letter en sy vorm te vertel 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breeë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	<p>Na graad R</p> <p>Jong kinders hou aan om</p> <ul style="list-style-type: none"> • kleinspieraardighede deur vingerspel te ontwikkel (byvoorbeeld, speeldeeg, om moere op boute vas te draai) • fyn motoriese beheer te ontwikkel deur 'n skêr te gebruik om dik omlyne prentjies, vorms ens. uit te knip • ontwikkel oog-hand koördinasie deur, byvoorbeeld, vang en gooi, teken en skilder • trek eenvoudige buitelyne van prente, patronen en letters in eie naam na • vorm letters met vingerverf, verfkaste, dik waskryte ens. • kopieer patronen, woorde en letters in die omgewing met 'n verskeidenheid skrifinstrumente (byvoorbeeld, verfkaste, dik waskryte) 	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> • Help kinders om goed met 'n skêr te sny • Hou aan om balspeletjies te bevorder • Help kinders om groot lettervorms in die lug te teken • Verskaf geletterdheidsmateriaal as deel van kammaspel sodat kinders hulle kan verbeel dat hulle lees en skryf en so wys dat hulle verstaan waarvoor skrif gebruik word. 	



VROEËLEER-EN-ONTWIKKLINGSAREA VIER: VERKEN WISKUNDE

Die kind se stem



Ek moet 'n omgewing ervaar waar ek patronen kan vind, konneksies kan maak, verhoudings kan herken, met nommers kan werk, voorwerpe kan sorteer en dinge by mekaar pas en klassifiseer. Dit help my om te dink, probleme op te los en vrae te vra.

Waарoor gaan die verkenning van wiskunde?

- Dit gaan oor kinders wat 'n begrip ontwikkel van hoe probleme opgelos kan word, hoe om te redeneer en hoe om wiskundige begrippe in hulle omgewing te gebruik.
- Kinders sal hulle liggeme, gedagtes en sintuie gebruik om hulle wêreld te verken. Hulle moet kanse gegun word om te verken
- Wanneer hulle dit doen, kan hulle hul kennis, vaardighede en gesindhede ontwikkel.
- Hulle vorm idees en toets dit. Hulle leer ook om hierdie idees te verfyn tydens hulle interaksies met hulle portuur en volwassenes.
- Wiskundige begrippe ontwikkel soos kinders hulle idees oor nommers, tellery, vorm, ruimte en mate ondersoek en kommunikeer.

Volwassenes moet aandag skenk aan kinders se ondersoeke oor wiskunde

- Kreatiwiteit is sterk verwant aan wiskundige en wetenskaplike denke (nuuskierigheid, verkenning, probleem identifisering en probleem oplossing)
- Kinders met gestremdhede en spesiale behoeftes het die reg om aandag te ontvang en moet ondersteun word sodat hulle wiskundige begrippe kan ontwikkel en tot hulle volle potensiaal leer.
- Kinders moet aangemoedig word om die regte wêreld te verken om probleme op te los, dinge te ontwerp, dinge bymekaar te pas, te tel en hulle eie vrae te ontwikkel.
- Hulle moet ondersteun word in die taal wat nodig is om wiskundige begrippe te ontwikkel en hulle idees oor te dra.
- Volwassenes moet die verskillende wyses waardeer waarmee kinders hulle eie idees sal aanbied



Figuur 10 Samewerking met families en hul jong kinders om vroeë wiskunde te bevorder

Oorwegingspunte (punte wat altyd in ag geneem moet word)

- Watter tipes geleenthede bied die binne- en buitemuurse omgewings vir kinders se verkenning, leer en beoefening van hulle ontlukende wiskundige begrip?
- Hoe wys kinders se eie aktiwiteite (tekeninge, spel, eksperimente) hulle bevoegdheid in probleemplossing, logiese denke en besluitneming?
- Is daar genoeg ervarings waarmee kinders probleme in die werklikheid kan verken, patronen skep, tel, dinge bymekaar pas en meet?
- Hoe ondersteun volwassenes kinders wat wyses buiten gesprokene taal gebruik om hulle wiskundige idees te kommunikeer?
- Hoe word vroeë wiskundige ervarings met ander leer geleenthede geïntegreer?

Doelstellings, ontwikkelingsriglyne en voorbeeld van aktiwiteite om wiskunde te bevorder

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
1. Kinders toon bewusheid van en reageer op nommers en tellery	Begin <p>Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> reageer op mense en voorwerpe om hulle merk veranderings in klanke, wat hulle sien en voorwerpe voor hulle op ontwikkel 'n bewusheid van benaming van dinge en nommername deur ervarings geniet liedjies en rympies oor tel 	Begin <ul style="list-style-type: none"> Benoem die dinge en mense wat babas herken. Praat oor die plekke waar babas is, byvoorbeeld die agterplaas, die plek waar hulle eet. Sing nommerliedjies wanneer klere aangetrek of doeke geruil word, byvoorbeeld <i>een, twee, drie, wie is dit dié?</i> Moedig babas aan om u na te boots, byvoorbeeld, die volwassene wys na haar neus, die baba sien dit en doen dieselfde Moedig baba se deelname aan aktiwiteite aan deur hande te klap en te tik. 	Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om <ul style="list-style-type: none"> op mense, plekke en voorwerpe in die omgewing te reageer hulle sintuie te gebruik om sin te maak van wat in die omgewing gebeur deel te neem, op te let, probleme op te los en oplossing te vind voorkleur aan te duif vir spesifieke liedjies en rympies oor nommers bekende voorwerpe uit te wys bewusheid van nommers te wys oor nommers, nommername te praat en nommertaal te gebruik om nommers in boeke te herken

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters hou aan om</p> <ul style="list-style-type: none"> te probeer om enkele telwoorde te sê bewusheid te ontwikkel van kategorisering nommertaal te gebruik, soos een, twee, meer met simbole en merke te eksperimenteer 	<p>Gaan voort</p> <p>Hou aan om</p> <ul style="list-style-type: none"> die telwoorde wat kinders gebruik te herhaal en hulle te wys hoe tellery ons help om uit te vind "hoeveel dit is" te praat oor dinge wat saam gegroepeer word, byvoorbeeld speelgoed, klere, skoene kinders te vra om u te vertel oor die merke en simbole wat hulle skep (op papier, op sand) wiskundige taal te gebruik terwyl u met peuters praat, byvoorbeeld <i>Ek wil jou nog 'n speelding gee. Dan het jy twee</i> 	<p>Waak punte om op te reageer vir individuele peuters en jong kinders wat risiko loop</p> <ul style="list-style-type: none"> toon lomp beweging - tekort aan koördinasie, val gereeld en stamp teen dinge woordeskaf groei stadig, probleme met uitspraak is huiwerig om deel te neem stel nie in daarin belang om te luister nie sukkel om stil te sit en op te let toon tekens van swak geheue vir roetines en herroeping van aktiwiteite Sukkel om nommers en tellery te leer
	<p>Vorder Verder</p> <p>Jong kinders</p> <ul style="list-style-type: none"> Eksperimenteer met tel Maak beramings 	<p>Vorder Verder</p> <p>Help jong kinders om boeke te maak van nommers en tel</p> <ul style="list-style-type: none"> Ouers en jong kinders kan liedjies van rympies sing van nommers en tel Speel raaiselspeletjies met jong kinders, neem beurte om deel te neem om te vra "hoeveel?" 	
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders hou aan om</p> <ul style="list-style-type: none"> tasbare voorwerpe te tel vingers, merke op papier en prentjies te gebruik om nommers voor te stel eenvoudige skattings te doen ooreenkomsste en verskille te vind sommige nommers en nommertaal te herken rympies en liedjies oor nommers te sing 	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> Moedig kinders aan om nommertaal te gebruik vir, byvoorbeeld, een, twee, ensovoorts. Laat kinders nommer etikette op items plak; hulle kan byvoorbeeld die nommer een op 'n item sit wat aan hulle behoort. Speel telspeletjies en laat kinders in verskillende omstandighede "tel" Gee voorbeeld van en moedig kinders aan om vrae te vra waar wiskundige taal gebruik word, byvoorbeeld <i>hoeveel lekkers dink jy is in hierdie bottel?</i> Ontwerp aktiwiteite waar kinders bypassende items moet vind. Ontwerp aktiwiteite waar kinders items moet vind wat verskil van dié wat aan hulle gegee is. 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
2. Kinders sorteer, klassifiseer, tref vergelykings en los probleme op	Begin Babas <ul style="list-style-type: none"> • probeer om logies te dink • wil hulle omgewing verken en leer oor dinge wat hulle uitdaag 	Begin <ul style="list-style-type: none"> • Praat altyd met babas oor wat u besig is om te doen en wat gebeur • Speel speletjies, byvoorbeeld <i>Waar's hy, waar's hy? Daar's hy!</i> • Praat met babas oor dinge wat hulle uitdaag, byvoorbeeld hoe om by 'n speelding uit te kom wat nie naby aan hulle lê nie. 	Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om <ul style="list-style-type: none"> • belangstelling te toon in aktiwiteite wat op hulle gemik is • nuuskierig te raak wanneer daar aktiwiteit in die omgewing is • deursettingsvermoë te wys as hulle poog om dinge te doen en oplossings te vind • aktief betrokke te raak by aktiwiteite soos om te praat oor wat hulle doen, vrae te vra en gevolgtrekkings te maak • hulpbronne te gebruik en betekenis te maak • te sorteer, klassifiseer en toepaslike wiskundige taal te gebruik om hulle begrip aan te duif • aan speletjies, rolspel, voorbeeldte waartydens wiskundige taal gebruik word, deel te neem
	Gaan Voort Peuters hou aan om <ul style="list-style-type: none"> • te probeer om enkele telwoorde te sê • bewusheid te ontwikkel van kategorisering • nommeraantal te gebruik, soos een, twee, meer • met simbole en merke te eksperimenteer 	Gaan voort Hou aan om <ul style="list-style-type: none"> • die telwoorde wat kinders gebruik te herhaal en hulle te wys hoe tellery ons help om uit te vind "hoeveel dit is" • te praat oor dinge wat saam gegroepeer word, byvoorbeeld speelgoed, klere, skoene • kinders te vra om u te vertel oor die merke en simbole wat hulle skep (op papier, op sand) • wiskundige taal te gebruik terwyl u met peuters praat, byvoorbeeld <i>Ek wil jou nog 'n speelding gee. Dan het jy twee</i> 	Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om <ul style="list-style-type: none"> • Reageer op mense, plekke en voorwerpe in die omgewing • Neem deel, skenk aandag, los probleme op en vind oplossings • Toon voorkeur vir spesifieke liedjies en rympies wat verwant aan 'n nommer is • Wys na bekende voorwerpe • Toon syferbewustheid • Praat van syfer, syfername en gebruik syftaal. • Toon verwantskap van nommers in boeke


Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders</p> <ul style="list-style-type: none"> • probeer om nommerprobleme op te los • verdeel voorwerpe op verskillende manier • tel voorwerpe in 'n groep 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Moedig interaksie aan tydens aktiwiteite soos die vertel van stories, rympies. Vra vrae om nommerprobleme op te los, byvoorbeeld <i>Sindiwe het net 1 skoen. Wat moet sy doen?</i> • Vra kinders om te praat oor hoe hulle 'n probleem opgelos het, byvoorbeeld <i>Ek wonder hoe jy bo-op die glyplank gekom het. Sal jy my leer hoe om dit te doen?</i> • Gebruik prentjies en voorbeeldte terwyl stories vertel en rympies opgesê word • Moedig kinders aan om voorwerpe te rangskik volgens hulle voorkeur (waarvan hulle hou en nie hou nie), grootte, vorm en kleur. Vra dat hulle op hulle eie tel. Gee voorbeeld van telgedrag om hulle te help. • Gebruik rolspel en stories om taal soos min, minder, meer as, dieselfde as te demonstreer. • Het 'n Woordeskat van ongeveer 2000 • Demonstreer meeste van die soos hieronder geïdentifiseer 	<p>Waak punte om op te reageer vir individuele peuters en jong kinders wat risiko loop</p> <ul style="list-style-type: none"> • toon lomp beweging - tekort aan koördinasie, val gereeld en stamp teen dinge • woordeskat groei stadig, probleme met uitspraak • is huiwerig om deel te neem • stel nie in daarin belang om te luister nie • sukkel om stil te sit en op te let • toon tekens van swak geheue vir roetines en herroeping van aktiwiteite • Sukkel om nommers en tellery te leer
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders hou aan om</p> <ul style="list-style-type: none"> • te sorteer, klassifiseer en vergelykings te tref • wiskundige taal te gebruik verbonde aan sortering, klassifisering en kategorisering • eenvoudige probleme oor onmiddellike ervarings op te los 	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik wiskundige taal met demonstrasies en nommer stories byvoorbeeld <i>Ek het drie lekkers gehad. Rani het een geneem en ek het vir Mpho een gegee. Nou het ek ____.</i> • Skeep aktiwiteite waar kinders voorwerpe in ongelyke en gelyke groepe verdeel. • Gebruik stories om kinders te help om te sorteer, klassifiseer en kategoriseer. • Toon sterk belangstelling in hoe kinders probleme oplos en hul antwoorde 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
3. Kinders verken vorm, ruimte en meting	Begin Babas <ul style="list-style-type: none"> • toon bewustheid van vorm, fatsoen en tekstuur in die onmiddellike omgewing • ontdek die kenmerke van voorwerpe soos speelgoed deur verkenning • probeer om houers vol te maak 	Begin <ul style="list-style-type: none"> • Praat met babas oor dinge in hulle omgewing en gee spesiale aandag aan fatsoen, vorm en tekstuur • Wys kinders hoe dinge werk en hoe dinge verander, byvoorbeeld 'n ongekookte eier en 'n gebakte eier. • Verskaf leë houers en voorwerpe wat maklik vasgevat kan word om houers vol te maak. 	Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om <ul style="list-style-type: none"> • hulle omgewing te verken en te eksperimenteer met aktiwiteite verbonden aan vorm, ruimte en meting • handbare, woorde, frases en sinne te gebruik om voorwerpe, aktiwiteite en mense te beskryf • hulpbronne te gebruik om oor die begrip van konsepte te praat • op te let wat hulle en ander besig is om te doen • hulle ondervindinge met ander te deel
	Gaan voort Peuters <ul style="list-style-type: none"> • toon groter bewustheid van vorms en patronen • Kategoriseer voorwerpe volgens kenmerke, byvoorbeeld grootte of vorm • speel met vorms en maak eenvoudige rangskikkings 	Gaan voort <ul style="list-style-type: none"> • Praat met kinders oor die patronen wat hulle rondom hulle sien, byvoorbeeld patronen op klere, in die natuur, op geboue • Wys die kind op die verskille tussen vorms, byvoorbeeld 'n koekie, 'n kussing • Laat toe dat kinders 'n paar voorwerpe van verskillende groottes en vorms rangskik. • Vertel stories om kinders te motiveer om vorms te gebruik om hulle eie skeppings te maak 	Waak punte om op te reageer vir individuele peuters en jong kinders wat risiko loop <ul style="list-style-type: none"> • spraak is vertraag • sukkel om inligting te verwerk wat gesien en gehoor word • sukkel om homself/haarself in 'n spesifieke ruimte te organiseer • Is ongeorganiseerd - maklik afleibaar en sukkel om optrede met gevolge te verbind • is lomp, onhandig en sukkel om bewegings te koördineer soos touspring, om te huppel of 'n bal te vang • swak begrip van konsepte • swak geheue • sukkel om idees te deel en met ander oor die weg te kom.

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders</p> <ul style="list-style-type: none"> • toon belangstelling in vorms deur dit te gebruik, daaroor te praat en kennis te neem van ooreenkomsste en verskille • eksperimenteer met posisies • kan items vind as aanwysings gegee word • gebruik bekende voorwerpe om patronen te skep • kan twee items volgens lengte (kort en lank) of kapasiteit (leeg en vol) rangskik • gebruik alledaagse taal verbonden aan tyd, byvoorbeeld ogend, nag • begin om wiskundige name vir 3D-voorwerpe en plat 2D-voorwerpe te gebruik 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Moedig kinders aan om oor hulle belangstelling in vorms te praat. Gee verduidelikings oor waarom dinge ooreenstem of verskil. • Bied geleenthede om met posisies te eksperimenteer, byvoorbeeld bo, af. • Speel speletjies soos "raai en kyk". • Gee kinders mondelinge aanwysings en help hulle om items te vind. Speel speletjies soos "skattejag" • Skep geleenthede vir sand-, water- en kammaspel. • Lees en/of maak boeke oor vorms, ruimte en meting. • Moedig kinders aan om 'n vorm te ondersoek en daaroor te praat, byvoorbeeld driehoekte en punte 	
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders hou aan om</p> <ul style="list-style-type: none"> • eenvoudige patronen en vorms in hulle omgewing te identifiseer • verskillende patronen en vorms te skep • posisies te beskryf, byvoorbeeld voor, agter • gebruik wiskundige taal vir vorm, ruimte en mates (byvoorbeeld lengte, kapasiteit, lengte, tyd) 	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> • Moedig kinders aan om te praat oor wat hulle gesien het. • Nooi kinders om oor hulle skeppings te praat • Skep ruimte om kinders se skeppings uit te stal • Gebruik persoonlike simbole vir kinders om hulle besittings te identifiseer, byvoorbeeld, 'n kind het 'n prentjie van die maan op al sy/haar besittings. • Speel speletjies waar kinders aan posisies moet dink en aksies moet doen. • Maak en lees boeke oor vorms en patronen. • Bied geleenthede waar kinders tyd meet (met 'n uurglas wat deur 'n volwassene gemaak is) en uitvind of iets swaar of lig is. • Laat kinders met sand en water speel om van volume en kapasiteit te leer 	

VROEË LEER- EN-ONTWIKKELINGSAREA VYF: KREATIWITEIT

Die kind se stem



Ek moet 'n omgewing ervaar waar ek uitdagings en probleme kan identifiseer, oplossings in veiligheid en vryheid kan probeer en met spel, verbeeldingspel, teken, verf, knip en plak, modellering en musiek, ritme,dans en drama kan eksperimenteer.

Waарoor gaan kreatiwiteit?

Kreatiwiteit beteken dat kinders met nuwe en nuttige idees en oplossings vir probleme en uitdagings vorendag kom. Skepping is om dinge uit te vind en om oplossings te kry deur vrae te vra soos "Wat gebeur daar? Waarom gebeur dit? Watter uitwerking het dit? Wat kan ons daaraan doen? Sê nou ek...?"

Jong kinders is kreatief in alle aspekte van hulle lewens, insluitend in die ontwikkeling van taal, verkenning van wiskunde, bevordering van hulle eie welstand, ontwikkeling van 'n sterk identiteit en 'n samehorrigheidsgevoel, en om met vrae oor die wêreld te worstel.

Die hoofdoel van Kreatiwiteit is om kinders aan te moedig om kreatiewe, verbeeldingryke individue te wees wat die kunste en die belangrikheid van kritiese denke en probleemoplossingsvaardighede waardeer.

Jong kinders is natuurlik kreatief en hulle natuurlike wyses om te leer en probleme op te los, is deur spel, te ondersoek, te ontdek en vrae te vra.

Hulle doen dit veral in verbeeldingspel, in die beeldende kunste (tekeninge, skilderye, modellering, skep van prentjies) en deur musiek (sang, musiekspel met instrumente en skepping van rympies) en ook in dans en beweging.

Beeldende kunste ontwikkel sensoriese motoriese vaardighede en fyn en groot motoriese koördinasie deur die materiale te manipuleer en 'n verskeidenheid kunstegnieke te bemeester.

- Tweedimensionele (2D) werk beoog om die kind se ervaring van die werklike wêreld te verryk deur visuele en sensoriese stimulasie, gesprek en ondervraging, en deur die kind aan te moedig om sy/haar ervarings in die wêreld te teken. Daar is geen "korrekte" manier om te teken nie en kinders moet aangemoedig word om hulself vryelik uit te druk, sonder om kritiek te vrees.
- Driedimensionele (3D) werk ontwikkel die konsep van vorm in ruimte deur met sand en modder te speel, stukkies klei te las en te vorm, papier op papier te plak, vorms uit te sny, te vou, vas te knoop en toe te draai.

Uitvoerende kunste gee jong kinders die kans om kreatief te kommunikeer, dramatiseer, sing, musiek te maak, te dans en beweging te verken

- Babas, peuters en jong kinders kan deur die uitvoerende kunste hulle fisiese vaardighede en kreatiwiteit ontwikkel.
- Uitvoerende kunste stimuleer geheue, bevorder verhoudings en bou selfvertroue en selfdissipline.
- Improvisering en vertolking laat kinders toe om alleen of saam musiek, beweging en drama te skep.
- Kreatiwiteit is sterk verwant aan wiskundige en wetenskaplike denke (nuuskierigheid, verkenning, probleemidentifisering en probleemplossing).

Volwassenes moet aandag gee aan kinders se behoefté om kreatief te wees

Kinderregte vorm die grondslag van alle kreatiwiteit. Kinders het die reg om te verken, nuuskierig te wees en maniere te ondersoek om hulle ervarings aan te teken of uit te beeld.

Kinders met gestremdhede en spesiale behoeftes het die reg om aandag te ontvang en moet ondersteun word sodat hulle tot hulle volle potensiaal kan ontwikkel en leer.

Moedig jong kinders aan om hulle verbeelding te gebruik, om probleme met belangstelling en vertroue te takel, om verskillende materiale te manipuleer en daarmee te werk, om te beweeg en dans en musiek te maak.

Jong kinders moet verken en hulle idees op grond van hulle eie persoonlike ervarings deur middel van hulle sintuie, emosies en waarnemings ontwikkel.

Die skeppingsproses is belangriker as die produkte.

Alle aktiwiteite moet fokus op die ontwikkeling van vaardighede deur lekker ervaringsprosesse eerder as om na hoogs afgewerkte produkte te streef.



Figuur 11 Werk met gesinne en hulle jong kinders om Kreatiwiteit te bevorder

Punte om oor na te dink

- Watter tipe geleenthede bied die binne- en buitemuurse omgewings vir kinders om kreatief te wees?
- Hoe wys kinders se eie aktiwiteite (tekeninge, spel, eksperimente) hulle bevoegdheid in probleemoplossing deur spel en beeldende- en uitvoerende kuns?
- Is daar genoeg ervarings waarmee kinders werklike probleme kan verken en kreatief kan wees?
- Hoe ondersteun volwassenes kinders wat wyses buiten gesproke taal, beeldende kuns en uitvoerende kuns gebruik om hulle kreatiwiteit te kommunikeer?
- Hoe word vroeë kreatieve ervarings met ander leergeleenthede geïntegreer?



Doelstellings, ontwikkelingsriglyne en voorbeelde van aktiwiteite om kreatiwiteit te bevorder

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeelde van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
1. Kinders identifiseer, soek na en skep oplossings vir uitdagings deur probleemoplossing	Begin Babas <ul style="list-style-type: none"> • los vanaf geboorte die probleme van honger en ongemak op deur om hulp te roep deur te huil • los die probleme van om te sit, te kruip, te staan, te loop en te hardloop deur eksperimentering en risiko's te neem (vind kreatiewe maniere om te beweeg) • eksperimenteer met alle voorwerpe wat hulle teëkom deur hulle sintuie te gebruik om van elkeen sin te maak • vra vroe soos <i>Hoekom? Wat?</i> 	Begin <ul style="list-style-type: none"> • Vertel die baba wat sy/haar probleem is en sê dan vir hom/haar wat u daaromtrent gaan doen. • Vra eerder of die baba hulp benodig as om dit te gee sonder om te praat. Sê <i>Kan ek jou help om te loop?</i> • Bied baie verskillende voorwerpe waarmee die baba kan eksperimenteer. Baba's sal alles in hulle monde sit, maak dus seker dat alles om hulle higiënes en veilig is. 	Neem waar en praat met ouers oor babas, peuters en jong kinders se <ul style="list-style-type: none"> • nuuskierigheidsvlakte • vlakte van aktiewe energie om die wêreld te verken en te ondersoek • konsentrasievlekke om probleme te vind en dit op te los • Belang in die vrae van oop vrae <i>Waarom? Hoe? Wat?</i>
	Gaan voort Peuters hou aan om <ul style="list-style-type: none"> • met oplossings vir bewegingsuitdagings te eksperimenteer • met verhoudings met voorwerpe te eksperimenteer • dikwels gefrustreer te raak en kan huil of kwaad raak as hulle nie 'n probleem kan oplos nie • vrae te vra 	Gaan voort Hou aan met die idees uit die afdeling hierbo, en <ul style="list-style-type: none"> • bied ruimtes waar peuters kan beweeg deur te klim, te loop, te kruip en maneuvreerdery • bied raaisels wat peuters kan doen, byvoorbeeld gevormde gate in 'n houer met vorms wat in elke gat geplaas kan word • Help peuters om frustrasie te hanteer deur hulle te wys watter vrae hulle moet vra en stappe hulle moet doen, byvoorbeeld <i>Help my asseblief hiermee; Ek kan dit nie doen nie - wat moet ek doen?</i> te sê • hou aan om vrae te vra wat peuters sal help om aan oplossings te dink 	Waakpunte wat optrede vereis vir individuele babas, peuters en klein kinders in gevaar <ul style="list-style-type: none"> • Kind toon min nuuskierigheid om te verken
	Vorder verder Jong kinders <ul style="list-style-type: none"> • vra meer dikwels <i>Hoekom?</i> • hou aan om met beweging en verhoudings met voorwerpe te eksperimenteer • probeer al meer verskillende oplossings vir uitdagings in plaas van om gefrustreer te raak en te huil 	Vorder verder <ul style="list-style-type: none"> • Luister geduldig na vroe en beantwoord dit opreg tot die kind tevrede is • Stel uitdagings in die speelgrond vir fisiese ontwikkeling • Stel uitdagings in stories deur kinders te vra <i>Wat dink jy het toe gebeur? As jy daar was, wat sou jy doen?</i> 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders gaan voort om</p> <ul style="list-style-type: none"> • probleme en uitdagings te identifiseer, dit uit te wys, daaroor te praat en maniere te vind om dit op te los • vrae te stel, insluitend <i>Wat? Hoekom? Wanneer? Hoe? Wie? Wat as?</i> • probleemplossingspeletjies te geniet, soos om verskillende maniere te vind om van plek tot plek te beweeg, 'n boom te teken, meer oor die wêreld uit te vind • raaisels, 'Raai wat is dit?' - en 'Ek sien met my kleine ogie'- speletjies te geniet 	<p>Na graad R</p> <p>Gaan voort met die idees van die vorige afdelings, en</p> <ul style="list-style-type: none"> • motiveer die kinders om hulself, en ander, vrae te stel om oplossings te vind en om nuwe kennis en vaardighede te vind • vrae vrae en nooi spesialis sprekers uit om dit vir hulle te beantwoord, byvoorbeeld vrae oor diere, voëls, beroepe, tradisies in die plaaslike area • berei sprekers voor vir die kinders se vrae • dink positiewe liedjies en rympies uit oor die vra van vrae • wys hoe om vrae beleefd te vra • speel baie raaisels, raaispeletjies, deur byvoorbeeld leidrade te gee: <i>Dit is rond, rooi en harig. Wat is dit?</i> 	
<p>2.</p> <p>Kinders identifiseer, soek vir en skep oplossings vir uitdagings deur middel van speel en kammaspel</p>	<p>Begin</p> <p>Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> • verken hul omgewing en stel probleme op om deur middel van spel op te los • speel alleen, speel langs ander kinders, met 'n volwassene, dan deur te kyk hoe ouer kinders speel, dan kan ouer babasalk met ander kinders speel • begin om situasies op te voer wat hulle al ervaar het, byvoorbeeld deur 'Mamma', 'Pappa', 'Huis', 'Dokter-dokter' te speel 	<p>Begin</p> <p>Stel aktiwiteite op vir</p> <ul style="list-style-type: none"> • speel met 'n baba • babas om met veilige voorwerpe te speel • babas om ander te sien speel • ouer babas om te begin om saam te werk • kammaspel, byvoorbeeld speel-speel aantrek met hoede, serpe, dasse, klein komberries, skoene, sakke en handsakke; huishoudelike toerusting, byvoorbeeld potte, lepels, gereedskap, telefone; spesiale tema-toerusting en -materiaal, byvoorbeeld kliniek, skool. 	<p>Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om</p> <ul style="list-style-type: none"> • speel te geniet • kammaspel alleen en met ander te geniet soos hulle ontwikkel • verskillende materiaal te gebruik om speletjies en idees uit te dink • verskillende rolle in kammaspel te speel om probleme van wees, word en behoort (sosiaal en emosioneel) op te los

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeelde van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters gaan voort om te speel en met kammaspel en</p> <ul style="list-style-type: none"> • speel al hoe meer saam, vind oplossings vir deel en saamwerk • speel meer komplekse kammaspel vir langer tye, hoofsaaklik oor tuislewe en verhoudings met volwassenes • is lief daarvoor om idees en strukture met kartonhouers, toutjies, stokkies en klippies te skep 	<p>Gaan voort</p> <p>Gaan voort om dieselfde aktiwiteite soos in die afdeling hierbo aan te bied en</p> <ul style="list-style-type: none"> • brei die speelareas uit met meer materiaal sodat kinders vrae kan vra en beantwoord, soos <i>Hoe lank is ek? Hoe kan ek myself hiermee aantrek?</i> • Gee elke dag baie tyd vir kammaspel • Gee elke dag baie tyd vir vryspiel waar die peuter sonder instruksie van die volwassene speel, behalwe vir veiligheidsredes • Pak kartonhouers uit en kyk wat die peuters daarmee maak 	<p>Waakpunte wat optrede vereis vir individuele babas, peuters en klein kinders in gevaar</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Kind met 'n spraakprobleem sukkel om klanke voort te bring, byvoorbeeld, lispel, hakkel, sekere klanke • 'n Kind met 'n taalprobleem sukkel om woorde te begryp of saam te sit om idees uit te druk en, byvoorbeeld, <ul style="list-style-type: none"> – te verstaan wat ander mense gesê het – sukkel om mondelinge aanwysings te volg – sukkel om hulle gedagtes agtermekaar te kry
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders gaan voort soos voorheen en om</p> <ul style="list-style-type: none"> • toenemend in klein koöperatiewe groepes te speel om komplekse strukture en speletjies met beskikbare materiaal te ontwikkel. 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaan voort om geleenthede en materiaal vir vryspiel en kammaspel aan te bied • Bespreek samewerking en reëls om saam te werk wanneer kinders hiervoor gereed is en daar 'n "leerbare oomblik" is, insluitend stapte om te neem en gedrag om uit te beeld. 	
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders gaan voort om</p> <ul style="list-style-type: none"> • komplekse oplossings vir probleme te ontwikkel wat hulle in hul omgewing sien, byvoorbeeld 'n skuiling met beskikbare materiaal, bou van 'n dam en brug • dieselfde speletjie te speel en dieselfde projek oor 'n aantal dae te konstreeer • as lede van 'n span saam te werk met leiers en helpers en verskillende rolle vir elke kind. 	<p>Na graad R</p> <p>Gaan voort om dieselfde aktiwiteite as voorheen aan te bied en</p> <ul style="list-style-type: none"> • Organiseer ruimte vir speletjies en konstruksies wat 'n aantal dae neem om te voltooi. 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
3. Kinders identifiseer, soek vir en skep oplossings vir uitdagings deur visuele kuns- aktiwiteite	Begin Babas <ul style="list-style-type: none"> • maak merke in sand en modder met hul vingers • skrabbel op papier met dik vetkryte en benoem geleidelik die skrabbels • begin om sirkulêre skrabbels en liniêre skrabbels te maak en begin om dit geleidelik te benoem • speel met klei en modder en benoem hul produkte • kan slegs vir 'n kort tydjie konsentreer 	Begin Gaan voort om die aktiwiteite wat hierbo genoem word aan te bied en <ul style="list-style-type: none"> • berei sand in houers voor vir kinders om in te teken deur hul vingers en stokkies te gebruik (byvoorbeeld, kartonbakkies) • bied papier en groot vetkryte aan om mee te teken • bied klei en speelklei vir babas aan om mee te eksperimenteer 	Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om <ul style="list-style-type: none"> • 'n belangstelling te toon om probleme van uitbeelding op te los deur middel van teken, verf, met klei en modder te werk • gereedskap in 'n toenemende gekontroleerde wyse te gebruik • dit te geniet om met visuele kunsmateriaal te werk • stories oor prente en modelle te benoem en te vertel
	Gaan voort Peuters gaan voort soos hierbo en <ul style="list-style-type: none"> • begin om herkenbare sirkels en lyne en mensgesigvorms te teken • rol klei in 'slangetjies' en balle • begin om uit te knip en te plak 	Gaan voort Gaan voort om die aktiwiteite hierbo aan te bied en <ul style="list-style-type: none"> • gesels oor die vorms wat die peuter teken en maak met die kind gedurende 'leerbare oomblikke' • skryf die peuter se naam aan die boonste linkerkantste hoek van haar werk 	Waakpunte wat optrede vereis vir individuele babas, peuters en klein kinders in gevaar <ul style="list-style-type: none"> • kind toon nie belangstelling in visuele kuns-aktiwiteite nie • kind kan nie gereedskap vir visuele kuns by die gepaste vlak gebruik nie
	Vorder verder Jong kinders gaan voort soos hierbo en <ul style="list-style-type: none"> • begin om mensfigure (gewoonlike stokfigure) te teken • knip eenvoudige vorms uit • bou objekte deur houers en ander papierprodukte te gebruik • verf vorms deur aparte kleure te gebruik 	Vorder verder Gaan voort om die aktiwiteite hierbo aan te bied en <ul style="list-style-type: none"> • wys uit en bespreek (in 'leerbare oomblikke') vorms van verskeie dele van die liggaam, byvoorbeeld die kind teken wenkbroue en ore • wys die vaardighede om verfkleure apart en kwaste skoon te hou • demonstreer hoe om 'n skêr veilig te gebruik 	
	Na graad R Kinders <ul style="list-style-type: none"> • begin om geronde mensfigure en diere en plante te teken • teken gereeld 'n grondlyn en 'n luglyn • modelleer figure en vorms met klei • vertel stories oor hul werk 	Na graad R Gaan voort soos voorheen en <ul style="list-style-type: none"> • moedig waarnemingsvaardighede aan sodat kinders hul verbeelding sowel as hul kennis van die wêreld gebruik om visuele kunste te skep • skryf stories neer oor hul werk wanneer kinders daarvoor vra 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
4. Kinders identifiseer, soek vir en skep oplossings vir uitdagings deur middel van musiek, dans en drama	Begin Babas is lief vir <ul style="list-style-type: none"> • rympies, en eenvoudige liedjies • ritmiese sang en praat • ritmiese bewegings en lichte ritmiese bons • skud van ratels en slaan van dromme • dans met 'n volwassene wat hulle vashou • die gebruik van serpe en linte om mee te dans. 	Begin <ul style="list-style-type: none"> • Bied musikale en dans-aktiwiteit soveel as moontlik gedurende die dag aan en wanneer ook al babas gesus of gestimuleer moet word • Gee vir babas verskillende soorte ratels om te skud en help hulle om na die liedjie/musiek te luister en om ritmies te reageer • Bied serpe en linte aan vir dans en beweging. 	Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om <ul style="list-style-type: none"> • 'n belangstelling te toon in musiek, dansritme en dramatiese aktiwiteite • gereedskap en materiaal in 'n toenemende gekontroleerde wyse te gebruik om musiek en ritme te maak • dit te geniet om met musiek, dans en drama-materiaal te werk • kammaspel met stories en musiek, drama en dans uit te voer
	Gaan voort Peuters gaan voort om te doen wat hulle as babas gedoen het en geniet dit om <ul style="list-style-type: none"> • saam met musiek op die radio te dans en hande te klap • instrumente soos dromme, skudders, ratels en driehoekie te speel • vir klanke en ritmes uit te luister, byvoorbeeld hoog, laag, vinnig, stadig, drie- en vier slae • om dans- en speelinstrumente te kombineer 	Gaan voort Gaan voort met die vorige aktiwiteite en <ul style="list-style-type: none"> • help peuters om te sing en te dans en saam met die musiek te beweeg • bied aan peuters musikale instrumente om sing en rympies te vergesel 	Waakpunte wat optrede vereis vir individuele babas, peuters en klein kinders in gevaar <ul style="list-style-type: none"> • kind kan nie maklik beweeg nie (sien fisiese aktiwiteite onder welstand) • kind kan nie maklik hoor nie (sien fisiese welstand)
	Vorder verder Jong kinders gaan voort soos hierbo en <ul style="list-style-type: none"> • maak liedjies en rympies op saam met die volwassene • sing, dans en klap terselfdertyd • voer eenvoudige stories op met die hulp van die volwassene 	Vorder verder Gaan voort soos hierbo en <ul style="list-style-type: none"> • vertel eenvoudige stories en voer dit dan saam met die kinders op • gebruik klanke om die opvoer van die storie te verbeter, byvoorbeeld om skudders saggies te skud vir blare wat in die bome waai • moedig die kinders aan om bewegings en danspassies uit te dink om aksies en stories en rympies te vergesel • vra kinders om klanke en rympies en danspassies en bewegings vir verskillende diere, mense, groente en voorwerpe voor te stel. 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders gaan voort soos hierbo en om</p> <ul style="list-style-type: none"> • in 'n slagorkes (dromme, skudders, driehoek) saam met musiek van die radio of singery te speel • liedjies en rympies en melodieë op te maak • stories uit te dink om op te voer • danspassies en bewegings uit te dink om diere en plante en voorwerpe in stories uit te beeld 	<p>Na graad R</p> <p>Gaan voort met die vorige aktiwiteite en</p> <ul style="list-style-type: none"> • organiseer 'n musiekgroep met die kinders met verskilende kinders deur verskillende instrumente te gebruik • stel 'n storietitel voor en help kinders om 'n storie/liedjie/rympie op te maak en dit op te voer 	

VROËË LEER-EN-ONTWIKKELINGSAREA SES: KENNIS EN BEGRIP VAN DIE WÊRELD

Die kind se stem



Ek wil sin maak van my wêreld deur aktiewe deelname
in my regte wêreld en deur praktiese eksperimente.
Ondersteun asseblief my leerproses deur my te voorsien
van geleenthede om oor mense, voorwerpe, plekke, plante
en diere van my natuurlike omgewing te leer.

Waaroor gaan kennis en begrip van die wêreld?

- Kinders se wêreld sluit hul onmiddellike fisiese omgewing (mense, diere, groente en allerhande minerale) in; die geskiedenis van hul eie families en later hul woonbuurt; die geografie van hul omgewing (byvoorbeeld, heuwels, riviere, plat areas, rotse, weer en klimaat) en die gereedskap wat hulle gebruik soos potlode, skêrre, eetgerei, huishoudelike toerusting en dan later kameras, selfone, rekenaars (tegnologie)¹
- Kinders in die vroeë jare is nuuskierig oor die wêreld. Hulle leer oor hul wêreld deur verkenning en deur aan verskillende hulpbronne blootgestel te word, soos mense, die media en wat hulle deur hul sintuie leer.
- Kinders se leerproses verbeter wanneer hulle akkurate inligting oor hul wêreld en oor mense in hul wêreld verkry. Hul begrip van omgee vir mense en diere in hul omgewing verhoog.
- Kinders groei in selfvertroue wanneer hulle aangemoedig word om hul kennis en vaardighede op 'n praktiese manier wys.

Volwassenes moet aandag gee aan kinders se kennis en begrip van die wêreld

- Kinders se regte vorm die basis vir alle verkenning en leer oor die wêreld.
- Kinders met gestremdhede en spesiale behoeftes het die reg om aandag te ontvang en moet ondersteun word om hulle in staat te stel om ten volle te ontwikkel en meer oor die wêreld te leer
- Kinders het volwassenes nodig om hul ervarings van die wêreld uit te brei
- Hulle benodig gereelde geleenthede om te leer oor wat in hul omgewing is en hoe dit verander. Volwassenes moet aktiwiteite skep waar daar vir kinders se belangstellings en behoeftes aan verkenning voorsiening gemaak word



¹ Departement vir Opvoeding en Vaardighede, 2007. Standaarde stel vir leer, ontwikkeling en versorging vir kinders vanaf geboorte tot vyfjarige ouderdom. DfES-publikasies



Figuur 12 Samewerking met families en hul jong kinders om kennis en begrip van die wêreld te bevorder

Punte om oor na te dink

- Hoe verskaf die sentrum, gesin en gemeenskap geleenthede vir die ontwikkeling van kennis en vaardighede deur praktiese aktiwiteite?
- Hoe word daar vir kinders se behoefté vir "hands-on"-ervarings, verkenning, eksperimentering, waarneming, probleemoplossing, besluitneming en demonstrasies van hul leerdryf voorsiening gemaak?
- Is daar voldoende geleenthede vir kinders om hul begrippe te deel en daarop te reflekteer?
- Hoe ondersteun volwassenes kinders se behoeftes vir die gebruik van verskillende tegnologieë soos kameras, radio's, elektroniese speelgoed en rekenaars??



Doelstellings, ontwikkelingsriglyne en voorbeelde van aktiwiteite vir die bevordering van Kennis en Begrip van die Wêreld

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeelde van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evalueringsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
1. Kinders verken en ondersoek hul wêreld	<p>Begin</p> <p>Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> gebruik hul sintuie en toenemende vermoë om die omgewing te verken, om dinge te soek en uit te strek na voorwerpe 	<p>Begin</p> <ul style="list-style-type: none"> Moedig kinders om aan mense en voorwerpe te raak, te voel en te ondersoek, byvoorbeeld laat babas aan u gesig raak, die bottel vryf ens. Laat babas toe om keuses te maak deur vir hulle 'n verskeidenheid van veilige voorwerpe te gee om te verken. 	<p>Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om</p> <ul style="list-style-type: none"> hul omgewing te verken deur hul sintuie te gebruik op kenmerke van voorwerpe te fokus en hoe die proses gedoen word hulpbronne te gebruik om sin van hul wêreld te maak ondersteuning te kry wanneer nodig hul belangstelling te deel en te volg nuuskierige verkenners te wees en vrae te vra veranderinge op te merk en daarop kommentaar te lewer
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters</p> <ul style="list-style-type: none"> fokus op kenmerke van voorwerpe of hoe om iets te doen – geniet herhaling gebruik ander om hulle te help om sin van dinge te maak 	<p>Gaan voort</p> <ul style="list-style-type: none"> Praat met kinders soos hulle aktiwiteite op 'n herhalende wyse doen, byvoorbeeld <i>Ek sien jy maak die boek oop en toe.</i> Voorsien materiaal aan hulle om hul denkwyse te verken en stimuleer Vra vrae om kinders te help om sin te maak van wat hulle doen, byvoorbeeld, <i>Wat het jy gemaak? Wat het jy gekry?</i> 	<p>Waakpunte wat optrede vereis vir individuele babas, peuters en klein kinders in gevaar</p> <ul style="list-style-type: none"> Swak verwerking van inligting en kommunikasie van idees Tekort aan sosiale vaardighede Onwilligheid om aan aktiwiteite deel te neem
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders</p> <ul style="list-style-type: none"> is nuuskierig oor en geïnteresseerd in die kenmerke van voorwerpe en lewendige dinge praat oor wat hulle sien, hoe dinge werk en hoekom dinge met ander gebeur toon bewustheid van verandering toon belangstelling om troeteldiere te hé 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> Vestig aandag op objekte en lewendige dinge wat ondersoek kan word. Kyk na kinders se aandag en moedig hulle aan om te reageer. Gebruik vrae en besprekings. Laat kinders toe om verdere ondersoeke op dinge te doen waarin hulle belangstel. Bespreek tipes troeteldiere en troeteldierversorging. 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	<p>Na graad R</p> <p>Kinders hou aan om</p> <ul style="list-style-type: none"> • te verken, ondersoek in te stel en oor voorwerpe en materiaal te praat deur hul sintuie te gebruik • vrae te stel oor hoekom dinge gebeur en hoe dit werk 	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skep geleenthede vir verkennende gedrag. • Moedig kinders aan en reageer op hul groeiende belangstelling, verbreed hul vrae. • Help hulle om besonderhede raak te sien om te verstaan hoe dinge gebeur en werk. • Verskaf hulle met vrae as 'n middel om voorwerpe en materiaal te verken deur hul sintuie te gebruik 	
<p>2.</p> <p>Kinders verken ontwerp, maak items en gebruik tegnologie</p>	<p>Begin</p> <p>Babas</p> <ul style="list-style-type: none"> • verken voorwerpe en materiaal deur hul sintuie te gebruik • toon belangstelling in speelgoed en hulpbronne wat tegnologie dalk kan insluit • toon bewustheid en belangstelling in hoe dinge werk – oopmaak, toemaak, knoppies druk en effekte bereik, soos klanke of bewegings 	<p>Begin</p> <ul style="list-style-type: none"> • Praat met babas oor wat hulle sien, hoor en voel. • Praat oor kenmerke van speelgoed, byvoorbeeld poppe wat hul wanneer u aan die magie raak, karre wat beweeg wanneer u dit opwen. • Verskaf verduidelikings van wat tans gebeur. 	<p>Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om</p> <ul style="list-style-type: none"> • hul sintuie te gebruik om die omgewing te verken • belangstelling in hulpbronne te toon • aan aktiwiteite deel te neem wat toelaat vir die ontwikkeling van belangstelling in hoe dinge werk • verskillende tipes voorwerpe te ondersoek • verskillende tipes gereedskap en tegnieke te gebruik om mee te werk en dinge te maak
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters</p> <ul style="list-style-type: none"> • stel belang om dinge te stoot en te trek en begin om dinge te bou • stel ondersoek in om uit te vind hoe dinge werk • toon belangstelling om elektroniese items aan te skakel en te hanteer 	<p>Gaan voort</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verskaf verduidelikings van wat die kind doen, byvoorbeeld: <i>Ek sien jy trek die speelgoedhouer aan die handvatsel.</i> • Wees bewus van kinders se pogings om te spring, dinge opmekar te pak en voorwerpe op te stapel. Laat hulle toe om hul kennis te verbreed en ontdek hul vaardighede. • Praat oor die elektroniese items en hoe dit veilig gebruik kan word • Waar beskikbaar, laat kinders die items onder volwasse toesig hanteer, byvoorbeeld rekenaars en ander elektroniese toestelle soos selfone. 	<p>Waakpunte wat optrede vereis vir individuele babas, peuters en klein kinders in gevaar</p> <ul style="list-style-type: none"> • Te bang en angstig om te verken • Ontwrigtende en antisosiale gedrag wanneer aan aktiwiteite deelneem • Baie maklik afleibaar • Vind dit moeilik om inligting te verwerk en instruksies te volg • Verwoes hulpbronne wat verskaf word

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breeë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	Vorder Verder Jong kinders <ul style="list-style-type: none"> • pas konstruksie materiaal aanmekaar vir balans en 'n doel • Eksperimenteer met verskillende toestelle. • Weet om die eenvoudige toerusting te hanteer. 	Vorder Verder <ul style="list-style-type: none"> • Maak 'n verskeidenheid van konstruksiemateriaal beskikbaar bv. Houers en kartonne. • Moedig kinders aan in hul pogings om hul eie skeppings te bou • Stel aan kinders verskillende toerusting en tegnieke – skeur/sny en plak, bekend • Moedig hulle aan om toerusting soos elektroniese speelgoed, rekenaars, te gebruik 	
	Na graad R Kinders gaan voort om <ul style="list-style-type: none"> • dinge te bou en konstroeer deur gereedskap en tegnieke te gebruik • eenvoudige toerusting te hanteer 	Na graad R <ul style="list-style-type: none"> • Maak 'n verskeidenheid van hulpbronne beskikbaar wat kinders vir hul konstruksies kan gebruik, byvoorbeeld karton en houtblokkies. • Help kinders om die doelwit van hul konstruksie-take te verstaan • Verbreed kinders se woordeskat • Moedig kinders aan om op hul skeppings te reflekteer. • Bied verduidelikings en demonstrasies aan van hoe toerusting werk. Herinner kinders aan die veiligheidsreëls. 	
3. Kinders verken en ondersoek tyd en plek	Begin Babas <ul style="list-style-type: none"> • is sensitief vir sig, klanke en aksies • raak bewus van roetine soos wakker word, voeding, doekomruiling en waar dit gebeur • verken ruimte deur toenemende beweging • geniet dit om buite te wees en waar te neem 	Begin <ul style="list-style-type: none"> • Praat oor wat tans met die baba gebeur, asook rondom die baba. • Gebruik waarneming van ander kinders of foto's om te praat oor wat in roetine gebeur. • Trek aandag na verskillende areas en wat in daardie areas gesien kan word, byvoorbeeld diere, voëls en aangrensende huise. 	Neem waar en bespreek met ouers babas, peuters en jong kinders se vermoë om <ul style="list-style-type: none"> • veranderinge in die omgewing te verken en daarop te reageer • bewustheid van roetine te toon • begrip van tyd te toon, volgens ervaring • oor hul omgewing nuuskierig te wees • oor bekende mense en geleenthede te herroep en daaroor te praat • aan aktiwiteite deel te neem • tydverwante taal te gebruik

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	<p>Gaan voort</p> <p>Peuters</p> <ul style="list-style-type: none"> • Begin om vergelykings tussen aksies en die volgorde van die roetines te maak • Verstaan tyd in ervaringsgebaseerde wyses, byvoorbeeld nou, later, voorheen. • Toon belangstelling in die wêreld waarin hulle woon en voorbeeld van die wêreld waarin hulle woon 	<p>Gaan voort</p> <ul style="list-style-type: none"> • Praat met kinders oor die roetines en wat hulle gedurende die roetine doen. • Vestig aandag op hul spesifieke aktiwiteite gedurende 'n roetine. • Gebruik woorde soos <i>nou, later, voorheen, gister, vandag en mōre</i> • Vertel stories van verskillende plekke en reistogte. • Verskaf geleenthede om met modelle te speel en om die items in werklike situasies te sien. • Beplan uitstappies/ekskursies. 	<p>Waapkunte wat optrede vereis vir individuele babas, peuters en klein kinders in gevaar</p> <ul style="list-style-type: none"> • vrees en angs wat daarmee verband hou om nuwe dinge te probeer • tekort aan aandag • probleem met woordeskat • probleem met die verwerking van inligting en geheue
	<p>Vorder verder</p> <p>Jong kinders</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kan onthou en praat van mense en gebeurtenisse wat bekend is. • Toon begrip vir verandering oor tyd en kan tyd verwante woorde gebruik • Neem waar en is nuuskierig oor die plek waar hulle woon en hulle natuurlike wêreld. 	<p>Vorder verder</p> <ul style="list-style-type: none"> • Moedig kinders aan om oor hul persoonlike ervarings te praat. • Moedig besprekings en kinders met die, begin van sinne soos <i>Oppad na.....</i> • Moedig kinders aan met die taal van tyd te gebruik in hul interaksies bv nou, later en in die verlede • Lees en of maak boeke wat gebeure, ervarings en feeste uitwys • Bied geleenthede aan vir rolspel en fantasiespel. 	

Doelstellings	Ontwikkelingsriglyne vir babas, peuters en jong kinders	Voorbeeld van aktiwiteite wat volwassenes en ouer kinders kan bied terwyl hulle met babas, peuters en jong kinders werk	Breeë evaluatingsriglyne vir kyk, luister, aantekening, verslaggewing, bespreking met ouers en verwysing vir spesialisaandag waar nodig
	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> Begin om verlede en hede te onderskei deur die gebruik van woorde soos <i>toe ek klein was...</i> Is meer nuuskierig om uit te vind oor die kenmerke van die plek waar hulle woon en hul natuurlike wêreld. Beskryf hul persoonlike ervarings met vertroue. Toon belangstelling in ander mense – gesinslede, vriende. Vind meer uit oor tegnologie en identifiseer die gebruik daarvan – rekenaars, elektroniese speelgoed, selfone ens. 	<p>Na graad R</p> <ul style="list-style-type: none"> Doen opeenvolgende aktiwiteite met kinders sodat hulle 'n sin van tyd kan hê, byvoorbeeld gebruik foto's van babas, peuters en jong kinders om 'n geïllustreerde tydlyn te skep. Moedig kinders aan om vrae te vra – <i>wie, wat, waar, hoekom, wanneer, hoe</i>. Stel woordeskat bekend om kinders te help om te praat oor wat hulle sien. Beplan uitstappies/ekskursies wat kinders help om hul breër omgewing te verstaan. Maak boeke saam met kinders – die volwassene illustreer die storie wat die kind vertel. Verskaf geleenthede vir kinders om inligting en kommunikasie- bv tegnologie, te sien en daaroor te praat, byvoorbeeld praat oor wat dit doen en hoe om dit op 'n veilige manier te gebruik. Waar beskikbaar, laat kinders rekenaarspeletjies speel wat ontwikkelingsgepas is 	

ASSESSERING VAN ELKE KIND SE ONTWIKKELINGSBEHOEFTES EN LEERBELANGSTELLINGS

Die Nasionale Kurrikulumraamwerk bestaan uit riglyne vir

- die waarneming van die ontwikkelings- en leerbehoefte van elke kind
- die beplanning van aktiwiteite om aan elke kind se eie ontwikkelingsbehoefte en leerbelangstellings te voldoen
- die uitvoer van die aktiwiteite met die kinders
- die assessering van kinders se ontwikkelings- en leerbehoefte en die evaluering van die VKO-programme in terme van sy vermoë om aan die behoeftes van elke kind te voldoen

Wat is assessering?

Assessering is 'n voortdurende beplande proses van identifisering, insameling en interpretasie van inligting oor die ontwikkeling en leer van babas, peuters en jong kinders.

1. Voorbereiding vir assessering.
2. Identifisering van welstand, ontwikkeling en leer van elke kind.
3. Aanteken van inligting vir elke kind.
4. Interpretasie van die inligting om hul ontwikkeling en leer deur middel van beplande aktiwiteite te verbeter.
5. Verslaggewing oor en bespreking van elke kind se behoeftes en belangstellings met die ouers om te verstaan en daardeur die ontwikkeling, leer en spesiale behoeftes van die kind aan te help.
6. Beplanning vir volgende aktiwiteite om sterkpunte op te bou en ontwikkelingsbehoefte van kind aan te spreek

Assessering is altyd vormend op hierdie stadium van die kind se lewe. Die kind kan nie 'slaag' of 'druip/faal' nie. Sy ontwikkel en groei en leer. Kollegas, weerhou asseblief daarvan om vir hulle te gee...Daar is geen formele toetse of eksamens nie





Figuur 13 Die assessoringsproses

Die doelwit van assessering (versnellings en vertragings)

Volwassenes en kinders maak elke dag beslissings oor hul eie bevoegdhede en die bevoegdhede van ander – hul kennis, hul vaardighede en hul gedrag. Hulle gebruik hierdie oordele om oor aksies te besluit wat in die toekoms geneem moet word. Hierdie oordele is die assessorings van bevoegdhede op daardie stadium.

Volwassenes wat in vroeë kinderprogramme werk, assesseer die ontwikkelings- en leerbehoeftes en belangstellings van elke baba, peuter en jong kind in hul sorg, sodat hulle aktiwiteite kan beplan om die kind se ontwikkeling en leer te verryk.

Hulle werk nou saam met die families van die kinders.

Die doel van assessorings is om ontwikkeling en leer in babas, peuters en jong kinders te ondersteun en aan te moedig, en om hul behoeftes in alle aspekte van hul lewens te assesseer. Die volwassene akkommodeer alle kinders in die daaglikse program, gebaseer op deurlopende assessorings.

Dit beteken dat assessorings belangrik is om betyds te besluit wat die kind se behoeftes en belangstellings tans is, sodat verdere aktiwiteite onmiddellik beplan kan word, om met die kind te werk om haar ontwikkeling en belangstellings te verryk. Dit duif vir ons aan dat ons altyd ons praktisys moet aanmoedig om die omgewing gunstig te maak om ontwikkelings- en leerbehoeftes te bevorder.

Kinders met spesiale ontwikkelings- en leerbehoeftes

Die volwassene assesseer die spesiale behoeftes en hindernisse wat deur kinders ervaar word met ontwikkelings- en leergebreke om gepaste aktiwiteite en oplossings in die daaglikse program aan te bied. Verwysing na spesialisdienste word gemaak na bespreking met ouers en kollegas. Aanbevelings wat deur spesialiste gemaak word moet met die daaglikse program ingelyf word, om sodoende voortdurende ondersteuning in 'n omgewing te verseker wat inklusief, ondersteunend en verwelkomend is.

Waar vind assessorings plaas in die vroeë jare?

Elke kind het ten minste twee ervarings:

- die huiservaring wat baie belangrik is en
- die ervarings in 'n VKO-program, of dit nou tuisgebaseerd of sentrumgebaseerd is

Elke kind sal soortgelyke en ook unieke ontwikkelingservarings in elke area met verskillende kennis oor die wêreld, vaardighede, houdings en gedrag wat in elkeen aangeleer word.

VKO-praktisys moet seker maak dat hierdie twee stelle van ervarings so ver as moontlik aanmekaar koppel om 'n vloeiente oorgang vir elke kind tussen huis en skool te vorm. **Hulle doen dit deur baie naby met die ouers en families van elke kind in hul sorg te werk.**

Stappe om te neem met die assessorings van kinders se ontwikkelingsbehoeftes en leerbelangstellings

Stap 1: Voorbereiding vir voortdurende assessorings

Assessorings in hierdie vroeë jare is informeel en word elke dag vir elke kind uitgevoer. In die NKR, lê die klem in assessorings op die waarneming van kinders in 'n voortdurende en beplande wyse, gedurende hul daaglike roetines, gestruktureerde en vryspelaktiwiteite. Waarneming beteken om elke dag noukeurig en versigtig na elke kind te kyk.

Die gids tot assessorings word gebaseer op die ses vroeë leerareas en die voorstelle vir assessorings vir elk. Volwassenes gebruik hierdie voorstelle as die basis vir hul waarneming van elke kind.

Berei voor vir assessorings deur organisering

1. om 'n notaboek byderhand te hou, waarin gedateerde notas oor elke kind gedurende die dag op belangrike mylpale en uitdagings neergeskryf kan word wat die kind in die gesig staar
2. 'n lêer vir elke kind waarin gedateerde notas opgeteken word en om al die inligting oor die kind te berg (fotokopieë van die Pad na gesondheid-boekie, registrasie-besonderhede, kopieë van verslae aan ouers, notas oor besprekings met ouers ensovoorts)
3. 'n tydrooster van formele ontmoetingstye beskikbaar vir besprekings met ouers.

Stap 2: Identifisering deur waarneming: ontwikkeling en versameling van bewyse van prestasie / uitdagings

Die praktisyn moet onthou wat sy waargeneem het sodat sy vir elke kind se behoeftes en belangstellings doeltreffend en effektiel kan beplan, en sodat sy hierdie behoeftes en belangstellings en haar planne met die ouers van elke kind kan bespreek.

Die beste manier om dit te doen is om notas oor elke kind se hoofontwikkelings en -belangstellings te maak.

Die notas sal gebaseer word op die inligting in die ses VLOAs.

Daaglikse waarneming van elke kind se aksies en gedrag.

- Kyk na sy/haar aksies om die vaardighede te sien wat hy/sy besig is om te ontwikkel, byvoorbeeld regop sit, treë neem, hom/haar lyfie draai, 'n kryt vashou, merke op papier maak (sien die stel van kontrolelyste in die Riglyne vir Programontwikkeling)
- Luister na die klanke wat die kind maak
- Gebruik die sintuie van reuk en aanraking om siekte by die kind waar te neem (byvoorbeeld, die reuk van die kind se asem, ontlasting, temperatuur, droogheid, sweat)
- Maak notas oor u waarnemings. Geskrewe bewyse is baie belangrik. Dit is veral die geval met gesondheid en veiligheid, wat deur die wet bepaal word (aangetekende bewyse van beserings, ongelukke, siekte en stappe geneem om dit te hanteer).

Stap 3: Aantekening van die inligting

Die ouer en die VKO-praktisyns onthou die belangrike inligting oor die kind se ontwikkeling en leer. Die VKO-praktisyn teken dit op skrif aan, eers in haar waarnemingsnotas elke dag en dan meer formeel in die verslae van die kind se vordering en behoeftes.

In hierdie vroeë jare, word GEEN punte of persentasies aan enige kind toegeken nie. Alle assessering word in terme van kommentaar gemaak. Die kommentaar is as volg:

Die kind se ontwikkelingsbehoeftes in elke VLOA	Die kind se eie leerbelangstellings
Een van die volgende vir elke doelwit in die VLOA	Die kind stel baie belang in
Die kind begin om	
Die kind vorder met hierdie doelwit	
Die kind vorder verder met hierdie doelwit	
Die kind is gereed vir graad R in hierdie doelwit	
Die spesifieke behoeftes en belangstellings van die kind tans in hierdie VLOA is (maak 'n lys)	
1. 2.	
Ons moet saamwerk om elke dag vir die kind geleenthede te bied tot (maak 'n lys van aktiwiteite vir VKO-praktisyns en ouers om saam by die huis en in die VKO-program te doen)	
1. 2.	

Stap 4: Interpretasie van die inligting

Dit is belangrik om die bewyse te evaluateer. Die ouer en die VKO-praktisyn besluit watter inligting belangrik is om besluite oor die kind se ontwikkelingsbehoeftes en leerbelangstellings te maak. Dit word uitgevoer met die kennis van algemene riglyne vir ontwikkeling in elk van die VLOAs.

Stap 5: Verslaggewing oor en besprekking van die bevindinge

Verslaggewing is 'n proses van kommunikering met die kind se ontwikkelings- en leerstatus en behoeftes tot ouers, skole en ander belangegroepe. Verslaggewing begin met geskrewe beskrywings van die kind se ontwikkeling en leer.

Daar is drie stelle mense wat op hoogte gehou moet word van elke kind se behoeftes en belangstellings. Hulle is

- Ouers en families van die kind
- Professionele kollegas indien die kind spesiale behoeftes het wat gespesialiseerde aandag benodig
- Kollegas in die VKO-program en in graad R net voordat die kind na daardie klas in die skool beweeg.

Besprekings word gebaseer op die bewyse wat in die waarnemingsrekords versamel is.

Gewoonlik word besprekings gebaseer op 'n geskrewe verslag aan die ouers en kollegas.

Besprekings vind plaas

- op 'n informele wyse wanneer die ouers elke dag die kind aflaai en kom haal (gewoonlik oor gesondheids- en veiligheidskwessies en om die kind se prestasies op daardie dag te vier). Indien 'n ander volwassene of ouer broer/suster in beheer is van die aflaai en optel van die kind, moet die ouers toestemming gee vir deegliker besprekings om plaas te vind, en hulle moet op skrif in kennis gestel word van enige insidente.
- Informeel deur middel van oproepe en notas aan die ouers in die kinders se huisprogram-notaboek
- Formeel deur middel van individuele ouer-praktisyントmoetings wat vooruit gereel is

Evaluering van die VKO-program

Wat is evaluering

Assessering word vir elke individuele kind uitgevoer.

Evaluering word deur die hele program uitgevoer en hoe dit aan die behoeftes voldoen van

- al die kinders
- die families wie die program gebruik

- die organisasies en individue wat die program ondersteun (die Departement van Sosiale Ontwikkeling, ander regeringsdepartemente, skenkerorganisasies en gemeenskap, nie-regerings- en geloofgebaseerde organisasies asook individuele welfondasies).

Evaluering is 'n deurlopend en sluit die volgende in


- daaglikske assessering van veiligheid en sekuriteit, gesondheid en voeding binne die VKO-program
- maandelikske of kwartaallikse assessering van die lewering van leergeleenthede in alle VLOAs

Hierdie is 'n voorbeeld van 'n riglyn vir evaluasie:

Vroeë Leer-en-Ontwikkelingsarea	Program-sterkpunte	Program-swakpunte	Aksie om te neem	Deur wie Teen wanneer	Verslaggewing aan ... Op ... (datum)
Byvoorbeeld VLOA: Welstand					(geteken)
Voeding					
Gesondheid en higiëne					
Veiligheid en sekuriteit					
Fisiese ontwikkeling					
Aanpasbaarheid van kinders					
VLOA 2:					

Evalueringsverslae word opgestel en aan alle sleutelrolspelers gegee, insluitend

- a. Die bestuurskomitee by elke vergadering (as 'n staande item op die agenda)
- b. Owers by algemene kwartaallikse ouervergaderings
- c. Befondsers wanneer verslae deur hulle verlang word.



Figuur 14: Die voortdurende proses van evaluering van die VKO-program

Vorms vir die evalueringsproses is beskikbaar in die Riglyne vir Programontwikkeling wat die NKR vergesel

Afkortings

GGO	Geloofsgebaseerde organisasies
GGBO	Gemeenskapgebaseerde organisasies
KABV	Kurrikulum- en assesseringbeleidsverklarings vir elke graad in die publieke opvoedingsektor
NKV	Nasionale Kurrikulumverklaring waarop die KABV gebaseer is
NSVLO	Nasionale Standaarde vir Vroeë Leerontwikkeling
NRO	Nie-Regeringsorganisasies
NKR	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
RPO	Riglyne vir programontwikkeling vir VKO-programme vir babas, peuters en jong kinders
SAKO	Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-ouoriteit
VKO	Vroeë kinderontwikkeling
VLOA	Vroeëleer ontwikkelingsarea

Woordelys

Term	Beskrywing
Baba, peuter en jong kind	In ooreenstemming met die NSVLO, is die ouderdomsgroepe soos volg: <ul style="list-style-type: none"> • Babas: van geboorte tot ongeveer 18 maande • Peuters: van ongeveer 18 maande tot drie jaar tot 36 maande (drie jaar) • Jong kinders: van ongeveer drie tot vier jaar • Na graad R: van ongeveer vier jaar totdat die jong kind met graad R begin (in die jaar waarin hulle vyf word).
Beginsels	Ons beginsels is die basis van ons oortuigings en houdings en dus ook van ons gedrag. Hulle stel die reëls daar vir hoe ons ons lewens lei. 'n Voorbeeld van 'n beginsel in hierdie Kurrikulumraamwerk, is dat kinders bevoegde menslike wesens is wat van hul geboorte af leer.
Bevoegdheid	Bevoegde mense en burgers het genoeg nuttige kennis, nuttige vaardighede en positiewe ingesteldhede om gesonde, produktiewe en gelukkige lewens te lei.
Die Wet	Gewysigde Kinderwet (Wet 41 van 2007) wat sedert 1 April 2010 van krag is.
Doelbewuste praktyk	Wanneer ons doelbewus optree, is ons bewus van wat ons doen, waarom en hoe. Ons beplan ons aksies en gedrag doelbewus sodat kinders <ul style="list-style-type: none"> • waarnem hoe ons as mense optree en dan hul eie houdings en gedrag op ons s'n kan skoei • geniet aktiwiteite wat spesiaal vir hul eie spesifieke leerbehoeftes en belangstellings beplan is
Effektiewe praktyk	Effektiewe praktyk fokus op die aktiwiteit en prosesse wat kinders toelaat om hul behoeftes en belangstellings te ondersoek en voorsien verskillende tipes ondersteuning toepaslik tot hul opvoeding en ontwikkeling. Effektiewe praktyk is gebaseer op beleide wat aan die behoeftes van alle jong kinders voldoen – byvoorbeeld Witskrif 5 en die Kinder Wet op die versorging van kinders.
Fasiliteer	VKO-praktisyens fasiliteer die leerproses. Hulle neem ontwikkelings- en leerbehoeftes en belangstellings waar, beplan aktiwiteite om hieraan te voldoen, voer die aktiwiteite met die kinders uit en fasiliteer elke kind se belangstellings en deelname. Fasilitering beteken 'om dit vir die kind maklik te maak om deel te neem en te leer'.
Gehalteversekering	Die proses om te verseker dat die graad van uitnemendheid soos gespesifieer, behaal word.
Gesin	Individue wat per kontrak of onderneming, verkies om saam te woon en sorg, voeding en sosialisering aan mekaar te verskaf.
Graad R	Graad R is die jaar voor graad 1. Die Nasionale Onderwysdepartement het drie modelle van voorsiening van Ontvangsjaar (graad R) geïdentifiseer: dié in die openbare skoolstelsel, dié binne gemeenskapgebaseerde terreine en die onafhanklike voorsieners van ontvangsjaarprogramme.
Ineenvloeing van programme	Oorgange verwys na om van aktiwiteit na aktiwiteit te verskuif of te beweeg, van plek na plek of van persoon na persoon. Ineenvloeing van programme word deur die volwassene uitgevoer om die kind vir verandering voor te berei, dit te bespreek wanneer dit gebeur en die kind te help om op die ervaring van verandering te reflekter.
Kind	'n Persoon jonger as 18 jaar.
Kinderoppasser/dagmoeder	'n Persoon wat, vir geldelike gewin of gratis, na 'n maksimum van ses kinders kyk – weg van hul eie huise; in die kinderoppasser se huis of in 'n ruimte wat vir kinders voorsien word. Registrasie en assesseringsvereistes word in die Kinderwet nommer 38 van 2005 vervat. Sekere munisipaliteite vereis dat kinderopassers by hulle moet registreer.

Term	Beskrywing
Kinders met gestremdheid en spesiale onwikkelings- en leerbehoeftes	<p>Alle kinders is eerstens kinders. Hulle het baie vaardighede en mag ook 'n gebrek aan vaardighede hê. 'n Vaardighedsgebrek is slegs een deel van 'n kind se lewe. Dis nodig dat volwassenes sal ag slaan op en praat oor dinge wat kinders goed doen asook hoe die kinders verander en groot word en dit ook bevorder. Wanneer daar oor sterk punte gepraat word en dit ook bevorder word, word die boodskap aan almal uitgestuur dat kinders met spesiale behoeftes ook bevoegdhede het.</p> <p>Gestremdheid kan van binne die kind self wees, byvoorbeeld fisiek (die verlies van 'n ledemaat of verlamming van 'n deel van die liggaam of 'n mediese toestand); sensories (verlies van gehoor of sig); intellektueel (byvoorbeeld 'n leerprobleem).</p> <p>Gestremdheid kan deur armoede, geweld, onstabiele gesinslewe of misbruik veroorsaak of vererger word</p> <p>'n Kind is gestremd wanneer die mense in haar omgewing nie haar fisiese of verstandelike verskille in ag neem nie en ook nie met respek daarvoor voorsiening maak nie.</p>
Kurrikulum	'n Kurrikulum vir vroeë kinderjare handel oor al die ervarings wat kinders van geboorte tot vier jaar in verskillende omgewings sal ervaar.
Kwalifikasie	Formele erkenning van die verwerwing van die verlangde aantal en tipe van krediete en enige ander vereistes op spesifieke vlakke van die NKR soos bepaal deur die relevante liggeme wat vir die doel geregistreer is deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasiegesag.
Leerbare oomblik	Dis die tyd wanneer 'n kind die ontvanklikste is om iets nuuts te leer. Hierdie oomblikke is gewoonlik onbeplan en die VKO-praktisyen moet oplet wanneer hulle voorkom en hulle gebruik om vir die kind iets nuuts te help leer.
Ontwikkelingsgesik	Hierdie term word gebruik om aktiwiteite, toerusting en programme te beskryf. Dit is 'n manier waarop met kinders gewerk word met inagneming van dit wat oor kinderontwikkeling bekend is, asook dit wat oor elke kind bekend is en bekend word en elke kind se ontwikkeling binne die omgewing en konteks waarbinne hulle gebore is en groot word.
Oordraagbare siekte	'n Siekte wat aan ander mense oorgedra kan word, byvoorbeeld skabies, waterpokkies, masels.
Plaaslike overheid	Die plaaslike munisipaliteit binne die grense waar die VKO-diens voorsien word.
Plek van versorging	Enige gebou of terrein wat in stand gehou of gebruik word, het sy vir geldelike gewin of nie, vir die toelating, beskerming en tydelike of gedeeltelike versorging van meer as ses kinders weg van hul ouers. Dit sluit koskole, hostelle en instansies wat in stand gehou word of hoofsaaklik gebruik word vir die opvoeding of opleiding van kinders en wat gekontroleer, geregistreer of goedgekeur is deur die Staat – insluitend 'n provinsiale administrasie, uit. Afhangende van sy registrasie, kan 'n plek van versorging babas, peuters, voorskoolse kinders of skoolgaande kinders op 'n voldag- of ander basis toelaat. Waar ouers nagskof werk, kan kinders ook snags versorg word
Praktisyen	Die term verwys na alle VKO-opvoeding en opleiding ontwikkelinspraktisyens, d.i. opvoeders, opleiers, fasiliterdeurs, dosente, versorgers en ontwikkelingsbeamptes, insluitend dié wat deur ervaring gekwalificeer het en wat betrokke is by diensvoorsiening in huise, sentrumse en skole. By opvoeders en opleiers, sluit die term formele en informeel-opgeleide individue in wat 'n opvoedkundige diens in VKO voorsien
Reflektiewe praktyk	'n VKO-praktisyen wat 'n reflektiewe praktisyen is, sal ontwikkeling- en leerbehoeftes en belangstellings waarneem, aktiwiteite daarvoor beplan, dit uitvoer (fasilitateer ontwikkeling en leer) en dan reflekteer op die nut van die aktiwiteite om sodoende verder te beplan. Refleksie sluit in 'die lig laat val' op die praktyk.
Roetines	Roetines verwys na aankoms, vertrek, maaltye, toilet, rus, huishouding (was, skoonmaak, opruim, aan die kant maak), slaap en selfhelpvaardighede van toepassing op die kind se ontwikkelingsfase. Roetines is sover moontlik geïntegreer in aktiwiteite met genoeg geleentheid vir die kinders om 'n gevoel van bevoegdheid te verwerf.
Toelae	Word aan kwalifiserende kinders gegee (die Kindertoelaag) en ook aan kwalifiserende VKO-programme (Toelaes deur die staat, hierdie word na verwys in Regulasies van die gewysigde Kinderwet (Wet 41 van 2007) wat sedert 1 April 2010 van krag is.

Term	Beskrywing
Tradisionele en plaaslike kennis en praktyke	<p>Tradisionele kennis is daardie kennis waaroer families en groepe beskik. Dit word van geslag tot geslag oorgedra.</p> <p>Plaaslike kennis en praktyk is dit wat binne geografiese streke gebruik word byvoorbeeld, die Limpopo-provinsie mag plaaslike kennis en praktyke gebruik wat by daardie omgewing pas en wat mag verskil van die Karoo-streek of die Oos-Kaap.</p> <p>Hierdie kurrikulumraamwerk bring mee dat tradisionele en plaaslike kennis en praktyke oor babas, peuters en jong kinders gebruik word wat hul ontwikkeling en leerproses bevorder..</p>
Vertraging in ontwikkeling en ontwikkelingversnellings	<p>Kinders het gereeld ontwikkelingversnellings in verskeie areas wanneer hulle groter belangstelling en vermoë toon, byvoorbeeld 'n baba kan dalk baie belangstelling toon in teken en verf en "goed daar in wees".</p> <p>Kinders kan ook moontlik gereeld vertragings in hul ontwikkeling ervaar, wat lang- of korttermyn kan wees. Hulle kan moontlik 'n tekort aan belangstelling in 'n sekere tipe aktiwiteit of bespreking toon.</p>
VKO	<p>Vroeë kinderontwikkeling is 'n oorkoepelende term wat van toepassing is op die proses waardeur kinders vanaf geboorte tot ten minste nege jaar oud groei en floreer: fisiese, verstandelik, emosioneel, geestelik, moreel en sosiaal.</p>
VKO-dienste	<p>'n Reeks dienste (byvoorbeeld opvoeding, gesondheid, sosiale beskerming) wat voorsien word om die fisiese, verstandelike, emosionele, geestelike, morele en sosiale ontwikkeling en groei van kinders van geboorte tot nege jaar te faciliteer.</p>
VKO-omgewing	<p>Die omgewing waarin die VKO-programme gesetel is, bestaan uit die binnemuurse, die buitemuurse en emosionele omgewing waarbinne die kinders ontwikkel en leer.</p>
VKO-praktisyne	<p>(Sien Praktisyne)</p>
VKO-Programme	<p>Hierdie is beplande aktiwiteite wat ontwerp is om die fisiese, verstandelike, emosionele, geestelike, morele en sosiale ontwikkeling van kinders van geboorte tot nege jaar te bevorder.</p>
VKO-Sentrum	<p>Enige gebou of terrein wat in stand gehou en gebruik word vir geldelike gewin of nie, vir die toelating, beskerming en tydelike of gedeeltelike versorging van meer as ses kinders weg van hul ouers. Afhangend van registrasie, kan 'n VKO-sentrum babas, peuters en/of voorskoolse kinders toelaat. Die term VKO-sentrum kan na crèche, dagsorgsentrum vir jong kinders, 'n speelgroep, 'n voorskoolse skool, nasorgsentrum ens. verwys. VKO-sentrums word soms VKO-terreine genoem.</p>
Voorskoolse kind	<p>'n Kind onder ses jaar oud, wat nog nie 'n formele skool bywoon nie.</p>
Vroeë identifikasie en intervensie in hindernisse wat leer, ontwikkeling en deelname strem	<p>'n Hindernis is enigets wat in 'n kind se pad staan om te kan leer. Hindernisse wat leer beperk, strek wyer as gebrek; hulle sluit bykomstige hindernisse soos honger, misbruik, asook sistemiese hindernisse soos groot klasse en tekorte aan hulpbronne en ondersteuningsdienste in.</p> <p>Vroeë identifikasie van leer- en ontwikkelingshindernisse verwys na keuringsprosesse en ander benaderings om vroeg reeds die tekens van 'n uitdaging in enige aspek van kinderontwikkeling te identifiseer.</p> <p>Vroeë intervensie is die aksie wat geneem word om geïdentifiseerde leer- en ontwikkelingshindernisse aan te spreek en sluit al die intersektorale dienste wat beskikbaar is om die kind en hul gesin te ondersteun, in.</p>



VERWYSINGS

- Canada. Ontario. Ministry of Children and Youth Services. (no date). Preschool Speech and Language. Retrieved on 26 May 2012 from <http://www.children.gov.on.ca/htdocs/English/topics/earlychildhood/speechlanguage/index.aspx>
- Colker, L.J. (2008). Twelve Characteristics of Effective Early Childhood Teachers. *Beyond the Journal. Young Children*. March 2008. Retrieved on 28 May 2012 from www.naeyc.org/files/yc/file/200803/BTJ_Colker.pdf
- Department for Education and Skills. (2007). Practice Guidance for the Early Years Foundation Stage. Nottingham: DfES publications.
- Disabled People South Africa. (no date). Policies. Retrieved on 12 June 2012 from <http://www.dpsa.org.za/policies.php>
- Epstein, AS. (2007). *The Intentional Teacher: Choosing the Best Strategies for Young Children's Learning*. Washington. National Association for the Education of Young Children
- Grotberg, E.H. (no date) A Guide to Promoting Resilience in Children: Strengthening the Human Spirit. From The International Resilience Project in Early Childhood Development: Practice and Reflections series. Bernard Van Leer Foundation. Retrieved on 22 March 2012 from <http://resilnet.uiuc.edu/library/grotb95b.html#chapter1>
- KFL&A Public Health, Ontario, Canada. (no date). Blind – Low Vision Early Intervention Programs. Retrieved on 23 May 2012 from http://www.children.gov.on.ca/htdocs/English/documents/topics/earlychildhood/vision_services.pdf
- KFL&A Public Health, Ontario, Canada. (no date). Indicators of Hearing Loss in Preschool and School-Age Children. Retrieved on 23 May 2012 from http://www.kflapublichealth.ca/Files/Resources/Indicators_for_Hearing_loss_in_preschoolers.pdf
- New Zealand. Ministry of Education. (1996). *Te Whariki. Early Childhood Curriculum*. Wellington: Learning Media.
- Republic of Ireland. National Council for Curriculum. (2009). *Aistear. Principles and Themes*. Dublin: National Council for Curriculum.
- Scotland. Ministry for Education and Young People. (2005). *Birth to Three: supporting our youngest children*. Retrieved on 22 March 2012 from Learning and Teaching Scotland on http://www.ltscotland.org.uk/Images/birth2three_tcm4-161671.pdf
- South Africa. (April 1 2010). Children's Amendment (Act 41 of 2007). Pretoria. Government Gazette No. 33076. Retrieved on 22 June from http://www.dsd.gov.za/index2.php?option=com_docman&task=doc_view&gid=102&Itemid=3
- South Africa. Department of Social Development. (2006). *Guidelines for Early Childhood Development Services*. Pretoria. Government Printer.
- UNICEF. (2002). (3rd Ed.) *Facts for Life*. Retrieved on May 12 2012 from http://www.unicef.org/publications/files/pub_ffl_en.pdf
- United Kingdom. Department of Children, Schools and Families. (May 2008). Practice Guidance for the Early Years Foundation Stage. Setting the Standards for Learning, Development and Care for children from birth to five. Retrieved on 21 May 2012 from https://www.education.gov.uk/publications/eOrderingDownload/eyfs_practiceguid_0026608.pdf
- United States. Office of Head Start. (2010). *The Head Start Child Development and Early Learning Framework. Promoting Positive Outcomes in Early Childhood Programs Serving Children 3–5 Years Old*. Retrieved on 12 May 2012 from the U.S. Department of Health and Human Services. Administration for Children and Families on [http://eclkc.ohs.acf.hhs.gov/hslc/tta-system/teaching/eecd/Assessment/Child%20Outcomes/HS_Revised_Child_Outcomes_Framework\(rev-Sept2011\).pdf](http://eclkc.ohs.acf.hhs.gov/hslc/tta-system/teaching/eecd/Assessment/Child%20Outcomes/HS_Revised_Child_Outcomes_Framework(rev-Sept2011).pdf).

Ideas for practice have also been developed from internationally based programmes such as High/Scope, Montessori, Reggio Emilia, Head Start and Sure Start as well as from ECD programmes in New Zealand, Australia and Scotland. Best practice in South African ECD programmes has been incorporated.



Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Private Bag X895, Pretoria, 0001
Telephone: 012 357 3000 Fax: 012 323 0601
Website: <http://www.education.gov.za>
© Department of Basic Education